

**DIE AFRIKAANSE VERTALING VAN EIENAME IN HARRY POTTER:  
KONSEKWENSIES VIR KULTUUROORDRAG**

**Debbie Bruwer**

**12896853**

**Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir  
die graad magister in Lettere en Wysbegeerte aan die  
Universiteit van Stellenbosch.**



**Prof. AE Feinauer**

**April 2005**

## Verklaring:

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening:

Datum:



## Opsomming

Die doel van hierdie tesis is om die belangrikheid van 'n konsekwente vertaalstrategie in die vertaling van eiename te beklemtoon. Hiermee saam is dit uiters belangrik dat 'n vertaler oor die nodige teoretiese kennis beskik wat dan as fondament sal dien vir die vertaling van enige gegewe teks. Hierdie aspekte is sentraal tot suksesvolle kulturele kommunikasie aangesien eiename een van die belangrikste aspekte is wat kultuur aandui. Daar is eerstens gekyk na die eerste boek in die Harry Potter reeks, wat deur Jani Oosthuysen in Afrikaans vertaal is, om vas te stel hoeveel van die persoonseiname in die boek vertaal is en hoeveel behou is soos in die bronteks. Daarna is die verskillende vertaalstrategieë in oënskou geneem om te bepaal of daar 'n doelgerigte, logiese verduideliking en motivering was vir die wyse en mate van vertaling van persoonseiname. Hierna is die eerste boek vergelyk met boek vyf om sodoende vas te stel of die inkonsekwente vertaalstrategieë wat in boek een voorkom, konsekwent toegepas is deur die reeks. Sentraal tot hierdie studie is die noodsaaklikheid van suksesvolle kulturele kommunikasie en hoe die inkonsekwente hantering van 'n sekere element die kulturele kommunikasie in enige literêre werk kan benadeel. Om suksesvolle kulturele kommunikasie te bewerkstellig het elke vertaler 'n duidelike skopos/*brief* nodig vir die doelteks. As vertrekpunt is daar gekyk na konsepte soos norme in vertaling, kultuur en vertaling, asook verskillende vertaalstrategieë. Die impak van inkonsekwente vertaalmetodes op tekste is deurgaans in hierdie tesis uitgelig.

---

## Summary

The purpose of this thesis is to highlight the importance of a consistent translation strategy in the translation of proper names. Coupled with this is the importance of translators having a sound theoretical knowledge that serves as a foundation for the translation of any given text. These aspects are central to the successful realisation of cultural communication seeing that proper names are one of the most important cultural indicators. First, we looked at the first book in the Harry Potter series as to determine the number of proper names that were translated and how many were not translated. Different translation strategies were then looked at to determine whether there was a purposeful and logical explanation, and motivation behind the manner and degree of translation of the proper names. This was followed by a close comparison between book one and book five as to determine whether the inconsistent use of translation strategies, was consistently applied throughout the series. Central to this study is the necessity of successful cultural communication and how the inconsistent use of certain elements can have a negative impact on the cultural communication in any literary work. To establish successful cultural communication, every translator needs a clear *skopos*/brief for the target text. As a point of departure I will look at certain concepts such as translation norms, culture and translation as well as various translation strategies. The impact of inconsistent translation strategies on texts will be highlighted throughout this thesis.

---

## Bedankings

Graag wil ek hiermee my studieleier, prof AE Feinauer, bedank vir haar hulp en ondersteuning in die voltooiing van hierdie tesis. Haar vakkundigheid en professionaliteit word hoog op prys gestel.

Verdere dank gaan aan die Wes-Kaapse Taalkomitee, asook die Departement Afrikaans en Nederlands, vir hulle finansiële ondersteuning ter voltooiing van my graad aan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.



# Inhoudsopgawe


<b>1. Hoofstuk 1: Inleiding</b>	<b>8</b>
1.1 Probleemstelling	9
1.2 Hipotese	10
1.3 Impak van studie	11
1.4 Metodologie en hoofstukuiteensetting	11
<b>2. Hoofstuk 2: Literatuuroorsig</b>	<b>13</b>
2.1 Inleiding	13
2.2 Gideon Toury: <i>Descriptive Translation Studies</i>	13
2.3 Chesterman se 'memes'	20
2.4 Kultuur en vertaling	25
2.5 Vertaling van persoonseiname	37
2.6 Implikasies vir die Afrikaanse vertaling van Harry Potter	40
<b>3. Hoofstuk 3: Kwantitatiewe Oorsig: Die verhouding tussen onvertaalde en vertaalde persoonseiname</b>	<b>42</b>
3.1 Inleiding	42
3.2 Belangrikheid van vertaalstrategieë	43
3.3 Einame, vertaling en fiksie	44
3.4 Persoonseiname in <i>Harry Potter en die Towenaar se steen</i>	45
3.5 <i>Harry Potter en die Orde van die Feniks: 'n Vergelyking tussen Harry Potter I en Harry Potter V</i>	52
3.6 Kwantitatief deur 'n kwalitatiewe bril: Wat is die impak van die inkonsekwente gebruik van vertaalstrategieë?	54
<b>4. Hoofstuk 4: Kritiese Analise</b>	<b>57</b>
4.1 Inleiding	57
4.2 Inkonsekwente toepassing van vertaalstrategieë	58
4.3 Kwalitatiewe oorsig: Bespreking van die vertaling van spesifieke persoonseiname	60
4.4 Impak van inkonsekwentheid op die geheel	65
4.5 Kulturele implikasie van hantering van einame in die Afrikaanse vertaling van Harry Potter	67
4.6 Ten Slotte	68

---

<b>5. Gevolgtrekking</b>	<b>70</b>
5.1 Inleiding	70
5.2 Opsomming van voorafgaande hoofstukke	70
5.3 Kernevolgtrekking: aanvaarding van hipotese	73
5.4 Impak en relevansie op vertaling as sodanig	75
5.5 Moontlike verdere navorsing	76
<b>6. Bronnelys</b>	<b>78</b>

**Bylaag A:** Persoonseiename Harry Potter I

**Bylaag B:** Persoonseiename Harry Potter V



# 1. Inleiding

Met die verskyning van die eerste Harry Potter (HP) boek, het JK Rowling nog geen idee gehad dat haar jong towenaartjie die hele wêreld so op hol sou hê nie. Nadat 'n ander bekende uitgewery haar die deur gewys het en van mening was dat haar boek nie veel van 'n sukses gaan wees nie, het sy aan Bloomsbury se deur geklop. Dit is hier waar Harry Potter die lig gesien het en vandag miljoene lesers aan sy voete het.

Die oorweldigende reaksie op Rowling se boek het oor die grense van Europa gestrek en die gevolg is dat haar oorspronklike teks in menige taal vertaal is. Hierdie vertalings het *vertaling* weer as sodanig onder die vergrootglas kom plaas en veral die vertaling van einame tree kontroversieel tot die voorgrond. Vertalers is gekonfronteer met die metode en keuse van vertaling en hulle benadering tot vertaling en die bronteks. Daar moes besluit word op die metode van vertaling, wat vertaal word, wat behoue moet bly en wat nie. Dit lei uiteindelik tot die kwessie van kultuuroordrag en tot watter mate die kultuur in die bronteks behoue moes bly en tot hoe 'n mate die teks kultureel aangepas moes word om vir die doeltaalleser bekend te wees.

Die HP boeke het verder so 'n geweldige impak gemaak dat daar vandag reeds drie films gemaak is onderskeidelik van die eerste, tweede en derde boek. Hierdie films het 'n ander dimensie gegee aan die einame in die reeks. Die name het skielik 'huishoudelike' name geword en 'n tipe universele kode wat strek oor die grense van alle tale. Gevolglik is die vertaling van hierdie einame, al dan nie, skielik deur 'n ander 'bril' beskou. Alhoewel die vertaling van die einame as sodanig nie noodwendig enige probleme oplewer nie, is die wyse waarop die vertaling daarvan hanteer word en toegepas word in terme van die kulturele identifisering, 'n relevante kwessie en dit vorm die fokuspunt van hierdie studie.



Hierdie kwessies kom klop weer aan die deur van die polemieë oor ekwivalensie. Die mate van ekwivalensie in die vertaling van eiename vorm deel van die hele kwessie oor kultuur en vertaling en die suksesvolle kommunikasie vanaf die brontaalkultuur na die doeltaalkultuur.

Vertalers in menige land het die geleentheid aangegryp om die boek toeganklik te maak vir hulle eie taalgemeenskap, so ook in Suid-Afrika vir die Afrikaanssprekende gemeenskap. Die Afrikaanse vertaling van die befaamde HP boeke is die sentrale fokuspunt van hierdie studie.

## 1.1 Probleemstelling

In hierdie studie gaan daar noukeurig gekyk word na die vertaling van die eiename in HP in Afrikaans. Daar sal spesifiek gefokus word op die eerste boek, *Harry Potter and the Philosopher's Stone* (Rowling, 1997) (Harry Potter en die Towenaar se steen) (Oosthuysen, 2000) met enkele verwysings na die vyfde boek, *Harry Potter and the Order of the Phoenix* (Rowling, 2003) (Harry Potter en die orde van die Feniks) (Oosthuysen, 2003) om sodoende 'n vergelyking te kan tref tussen die vertaalstrategieë wat die vertaler toegepas het vanaf die eerste boek tot die laaste. Hiermee sal daar bepaal kan word of die vertaler 'n persoonlike vertaalstrategie het wat sy deurgaans toepas en wat sodoende haar werk kenmerk.

In die Afrikaanse vertaling van HP, blyk dit dat die vertaler nie 'n spesifieke vertaalstrategie konsekwent toegepas het nie. Die gevolg is dat sommige eiename vertaal is, ander onveranderd oorgedra word na die doelteks, en ander selfs vervang is deur 'n eienaam wat totaal verander is en hoegenaamd geen semantiese, leksikale of fonetiese ooreenkoms toon met die eienaam in die bronteks nie. Hierdie uiteenlopende strategieë en maniere van vertaling in een boek, kan problematies wees aangesien dit die leser kan

---

berooft van 'n kulturele en narratiewe assosiasie en die genot van die leeservaring sodanig kan verminder. Dit kan tot gevolg hê dat die leser totaal vervreem word van die storie in geheel en dan het die vertaler in der waarheid ook die oorspronklike skrywer berooft van meriete wat die storie betref asook die vaardighede waaroor hy/sy beskik om die leser na 'n ander leefwêreld te 'verplaas'.

Vertaling gaan primêr oor die vaardigheid om mense van verskillende kulture en tale bymekaar te bring. Vertaling skep 'n brug waarmee daar gehelp word om 'n wêreldperspektief te kry en bevorder sodanig wedersydse insig en begrip. Om hierdie brug suksesvol te bou, het 'n vertaler teoretiese kennis nodig aangesien dit die boustene vorm vir vertaling. Met 'n vaste teoretiese basis word risiko's, foute en gebreke verminder en word die vertaler voorberei op enige onverwagse gegewe in 'n teks. Dit verskaf dus 'n konkrete basis vir die intuïsie van die vertaler.

Daar sal gevolglik gekyk word na die metode en mate van vertaling van persoonseiename vanuit die brontekste na die doeltekste en hoe geslaagd die vertaling van die eiename daar uitsien. Die sukses van die vertaling van eiename word grotendeels bepaal deur die strategie wat die vertaler gevolg het en of sy hierdie strategie deurgaans konsekwent toegepas het.

## 1.2 Hipotese

Die onderliggende hipotese van hierdie studie is dat die vertaler geen konkrete teorie/vertaalstrategie as basis gebruik het nie. Dit wil voorkom asof sy eerder met voorkeure (*preferences*) as met norme (*norms*) gewerk het en dat daar geen konsekwentheid is in die mate en wyse van vertaling van die eiename nie. In die volgende hoofstukke sal die grondigheid van hierdie hipotese ondersoek word.

---

### 1.3 Impak van studie

Harry Potter is een van die bekendste fiktiewe karakters in die geskiedenis van kinderliteratuur. Hierdie bekendheid is nie beperk tot een kultuur en een taalgemeenskap soos bv. *Liewe Heksie* deur Verna Vels, wat uitsluitlik in Afrikaans verskyn het nie. Deur gebruik te maak van Harry Potter se roem en bekendheid, kan hierdie studie oor eiename vir elkeen wat vertaal, 'n maatstaf word vir enige verdere vertaling van eiename en vertaling van kinderboeke as sodanig. Deur hierdie eiename en gegewe uit HP voorop te stel, word dit 'n universele studie wat relevant kan wees vir 'n universele groep vertalers.

### 1.4 Metodologie en hoofstukuiteensetting

Talle teoretici het hulle al uitgespreek oor die rol van kultuur in vertaling asook die maatstaf vir 'n goeie vertaalde teks met betrekking tot kulturele kommunikasie. In hoofstuk 2 word daar gekyk na die verskillende teorieë oor die vertaling van eiename en die invloed wat dit op die totale kultuuroordrag het. Daar sal onder andere gekyk word na die bevindinge van Toury (1995), Hatim (2001), Newmark (1981), Venuti (1995), Chesterman (1997) en Nord (1997). Elkeen van hierdie kundiges het besondere aandag geskenk aan die kulturele impak van vertaling op die doeltaalkultuur en die doeltteks. Uit die literatuurstudie blyk dit baie duidelik dat die vertaalteorie onontbeerlik is vir die vertaling van eiename. Die studie sal ook aantoon dat dit van die uiterste belang is dat die vertaler 'n bepaalde teoretiese benadering en vertaalstrategie volg en dat dit konsekwent toegepas word.

Hoofstuk 3 bestaan hoofsaaklik uit kwantitatiewe navorsing waar die eiename in die bronteks getel is en die eiename op grond van die bepaalde vertaalstrategie in verskillende kategorieë verdeel is, bv. onvertaal, naturalisasie, domestikering, ens. Die name in die verskillende kategorieë is getel en persentasiegewys bereken in verhouding tot die totale aantal eiename in die boek. Dit gee uitsluitel oor die mate van


---

konsekwenheid in die tipe vertaling en ook of die persentasie wat onvertaal gelaat is – genoegsaam is om 'n mate van konsekwenheid te bewerkstellig.

Dit lei tot 'n uitvoerige bespreking in hoofstuk 4 oor die bevindinge in hoofstuk 3. Daar word makrostruktureel na die boeke gekyk om die konsekwensies van die bevindinge op die boek in die geheel te bepaal. Die konsekwensies van die bevindinge vir die kultuuroordrag in die geheel word kwalitatief in oënskou geneem en bespreek.

In hoofstuk 5 word die vernaamste gevolgtrekkings aangetref en die hipotese in hoofstuk 1 word aanvaar of verwerp. Ten slotte word daar gekyk na die relevansie van die betrokke studie vir kinderliteratuur en vertaling in die algemeen. Daar word ook kortliks verwys na moontlike verdere studie wat verband hou met die betrokke onderwerp.

Soos vroeër genoem, het menige teoretikus al navorsing gedoen wat relevant is vir hierdie studie. Vervolgens gaan daar onderskeidelik gekyk word na hierdie persone se bevindinge oor die teorie van vertaling, vertaling van eiename en die rol van kultuur in vertaling.



## Hoofstuk 2: Literatuuroorsig

### 2.1 Inleiding

Binne die raamwerk van vertaling, is daar heelwat navorsing gedoen oor die vertaling van eiename en die kulturele implikasies van vertaling. In hierdie hoofstuk, word daar gekyk na die verskillende bevindinge oor kultuur en vertaling, asook die vertaling van eiename. Verskeie individue se bevindinge en teorieë word ondersoek en bespreek, om sodoende die teoretiese basis vir die studie te bewerkstellig.

Vir hierdie betrokke studie sal daar baie sterk gesteun word op Gideon Toury en Andrew Chesterman se bydraes aangesien hulle beide die konsep van norme voorhou en daar spesifiek gekyk sal word of norme hoegenaamd 'n rol gespeel het in die vertaling van die betrokke boeke. Verder is hierdie studie ook 'n deskriptiewe studie aangesien daar na die doelteks gekyk sal word om te beskryf (*describe*) hoe die vertaalproses plaasgevind het eerder as om by die bronteks te begin en voor te skryf (*prescribe*) hoe die teks vertaal moet word. Vervolgens dan 'n uitvoerige bespreking van die teorie wat as fondament dien vir hierdie studie, nl. *Descriptive Translation Studies*.

### 2.2 Toury: *Descriptive Translation Studies*

#### 2.2.1 Die basiese beginsel

Die term *Descriptive Translation Studies* (DTS) het ontwikkel as teenpool tot die heersende voorskriftelike benaderings tot vertaling. Hierdie voorskrifte het bestaan uit die formulering van reëls en regulasies wat vertaling as sodanig beheer het. DTS was gemoed met vertaling soos dit gedoen is en hoe die doelteks nou daar uitsien. Vir DTS-

---

navolgers, was die doelteks, eerder as die bronteks, die beginpunt van die ondersoek. Daarom is DTS ook bekend as 'n doelteksgeoriënteerde benadering.

Alhoewel DTS 'n weerspieëling was van vertaling as sodanig, was die aanhangers van hierdie teorie verder hoofsaaklik gemoeid met die beskrywing van hoe 'n vertaalde teks ontvang is in die doeltaalkultuur (Ulrych & Bosinelli, 1999:225). Die sukses van die doelteks is bepaal op grond van die mate van adekwaatheid teenoor die aanvaarbaarheid van die teks (Toury, 1995:67). Die aanvaarbaarheid/adekwaatheid word bepaal deur die norme en beperkinge wat die produksie en ontvangs van die teks in die doelkultuur beheer (Ulrych & Bosinelli, 1999:225).

Hierdie algemene beginsel van DTS spruit voort uit die Polisisteamteorie wat deur Evan-Zohar ontwikkel is. Hierdie teorie is hoofsaaklik ontwerp as 'n teoretiese raamwerk vir die deskriptiewe studie van literatuur en taal in hulle kulturele konteks. Dit het aan vertaalteorie die metodologie verskaf waarmee ondersoek ingestel kon word na die wyse waarop 'n doelteks in die gegewe kultuur ontvang is, en ook die wyse waarop die doelteks 'n baie belangrike rol gespeel het in die ontwikkeling van die doelkultuur se literêre stelsel (Ulrych & Bosinelli, 1999:225).

### **2.2.2 Vertaling as 'n kulturele feit**

Toury glo dat alle vertaalaktiwiteite van kulturele belang is. Dit word verder ondersteun deur sy oortuiging dat vertaling 'n sosiale (maatskaplike) rol vervul – een wat toegeken word deur 'n kulturele groep volgens die norme binne die betrokke kultuur se verwysingsraamwerk (Toury, 2001:198). Hy dring daarop aan dat die kulturele dimensie toegevoeg word en geïntegreer moet word met vertaalstudies.

Een van Toury se mees kontroversiële uitsprake was sy oortuiging dat die posisie en die funksie van 'n vertaling in 'n gegewe kultuur bepaal word deur die doelkultuur (Toury, 1995:135). Hy het die hele idee van ekwivalensie omvergewerp deur die konsep van vertaling te herdefinieer. Hy glo dat 'n vertaling enige teks is wat deur 'n kultuur aanvaar word en aanneemlik is as 'n teks wat voldoen aan die relevante norme wat sodanige tekste beheer.

Hy glo inherent dat vertalings beskou kan word as voorwerpe van die doelkultuur en nie van die brontaalkultuur nie (Toury, 1995: 24). Vertalers moet bewus wees van die faktore wat die aanvaarding of verwerping van 'n teks in die doeltaalkultuur tydens die vertaalproses beheer. Toury beskou hierdie kennis as 'n noodsaaklike vereiste om 'n vertaler te wees binne 'n kulturele omgewing.

Toury stel die konsep van norme daar, 'n stelsel van sosio-kulturele beperkinge wat alle tipe aktiwiteite in 'n gegewe kultuur beheer. Hy meen ook dat vertaling altyd 'n ontmoeting/geveg is tussen twee of meer stelle norme en dat die doelkultuurnorme die aanvaarbaarheid van die vertaalde teks in die doelkultuur beheer.

### 2.2.3 Norme in vertaling

Sosioloë en sosiale sielkundiges beskou norme lank reeds as die oordrag van algemene waardes of idees wat deur 'n gemeenskap gedeel word (bv. wat reg of verkeerd is en wat aanvaarbaar is en wat nie) na instruksies oor optrede wat aanvaarbaar en toepaslik is vir sekere situasies. Dit spesifiseer wat voorgeskryf of verbied word en wat in 'n sekere gedragsdimensie toegelaat word. Hierdie norme word aangeleer deur 'n individu tydens sy/haar sosialisering en impliseer altyd *sanksies* (Toury, 1995) wat werklik of potensieel kan wees en negatief sowel as positief. Binne 'n gemeenskap dien norme as 'n kriteria waarvolgens werklike gevalle of gedrag geëvalueer word.

Volgens Toury is vertaling, soos enige ander gedragvorm, onderworpe aan beperkings wat in hulle graad van voorskriftelikheid verskil (Toury, 1995: 200). Hierdie beperkings staan bekend as *norme*. Die sentraliteit van norme is nie net metafories nie, maar op grond van hulle relatiewe posisie op 'n kontinuum van beperkinge, is hulle eerder essensieel:

“Norms are the key concept and focal point in any attempt to account for the social relevance of activities, because their existence, and the wide range of situations they apply to (with the conformity this implies), are the main factors ensuring the establishment and retention of social order.”

(Toury, 1995:200)

Toury sê verder dat daar nie noodwendig enige ooreenkoms is tussen norme as sodanig en enige formulering daarvan in 'n taal nie. Verbale formuleringe reflekteer wel 'n bewustheid van die bestaan van norme sowel as van hulle onderskeidende betekenis.

Toury is ook van mening dat:

“...being a translator cannot be reduced to the mere generation of utterances which would be considered ‘translations’ within any of these disciplines (Linguistics, Text-Linguistics, Contrastive Textology or Pragmatics). Translation activities should rather be regarded as having cultural significance.”

(Toury, 1995:201).

Dit gaan vir Toury primêr oor die rol wat norme speel in 'n spesifieke kultuur en hoe dit vertaalaktiwiteite beheer in 'n relevante sosiokulturele omgewing. Binne so 'n sosiokulturele dimensie, is vertaling onderworpe aan verskeie soorte en verskillende grade van beperkinge. Hierdie beperkinge strek oor die grense van die bronteks (BT), die sistemiese verskille tussen die taal en die tekstuele tradisies wat betrokke is in die



vertaalaksie self en die beperkinge op die kognitiewe samestelling van die vertaler as noodsaaklike bemiddelaar.

Hy is van mening dat 'vertalerskap' allereers neerkom op die vermoë om 'n sosiale (maatskaplike) rol in te neem om 'n funksie wat deur 'n bepaalde gemeenskap toegeken is, te volbring, op 'n manier wat aanvaarbaar geag word binne die gemeenskap se eie verwysingsraamwerk:

"The acquisition of a set of norms for determining the suitability of that kind of behaviour, and for manoeuvring between all the factors which may constrain it, is therefore a prerequisite for becoming a translator within a cultural environment." (Toury, 1995:204).

Vertaling is 'n aktiwiteit wat onvermydelik ten minste twee tale en twee kulturele tradisies en ten minste twee stelde norme op elke vlak het. Die 'waarde' hiervan is gesetel in twee belangrike elemente, nl:

- 'n teks (bronteks) in 'n spesifieke taal, wat oor 'n spesifieke posisie beskik en wat in 'n bepaalde gleuf pas in 'n spesifieke kultuur of in 'n sekere gedeelte daarvan;
- 'n teks (doelteks) wat bestaan uit 'n representasie in daardie spesifieke taal/kultuur van 'n ander teks wat alreeds bestaan in 'n ander taal en wat behoort tot 'n sekere ander kultuur en wat 'n definitiewe posisie daarin beklee.

Norme tree binne elke fase van die vertaalproses op en is op elke vlak van die produk werksaam. Toury onderskei eers tussen twee groter groepe vertaalnorme, nl. preliminêre en operasionele norme en voeg dan 'n derde tipe, die inisiële norm, by (Toury, 2001:200).

### **2.2.3.1 Preliminêre norme**

Preliminêre norme handel oor twee hoofstelle oorwegings, nl: die oorwegings wat betrekking het op die spesifieke vertaalbeleid (faktore rakende keuses oor die bronteks,

die outeur, genre, literêre skool, doelliteratuur, ens.) en die oorwegings wat betrekking het op die "direktheid" van vertaling (die mate waarin toegelaat word dat ook uit ander tale as die brontaal vertaal word) (Toury, 2001:202).

### 2.2.3.2 Operasionele norme

Hierdie norme gee leiding aan die vertaler in sy/haar besluitneming tydens die vertaalproses. Daar word onderskei tussen twee subtipies operasionele norme, nl. matriksnorme en tekstuele norme.

#### 2.2.3.2.1 Matriksnorme

Matriksnorme het betrekking op die matriks van die teks, d.w.s. op die manier waarop die linguistiese materiaal in die teks versprei word. Matriksnorme bepaal die werklike bestaan van doeltaalmateriaal wat bedoel is as 'n plaasvervanger vir die korresponderende brontaalmateriaal (Toury, 2000:202). Dit bepaal ook die mate waarin openlik in die vertaalde werk self verwys word na weglatings, toevoegings, veranderings in plasing en manipulasie van segmente aan die hand van verklarings soos verkort, verwerk, ens. Die grense tussen hierdie matriksverskynsels is nie duidelik afgebaken nie. Weglating op groot skaal lewer dikwels veranderings op in segmentering en 'n verandering in plasing kan ook beskryf word as 'n weglating (op een plek) plus 'n toevoeging (op 'n ander plek), ens.

#### 2.2.3.2.2 Tekstuele norme

Hierdie norme het te make met die werklike verbale formulerings in die teks. Tekstuele norme bepaal die eintlike keuse van doeltaalmateriaal om die oorspronklike tekstuele en linguistiese gegewe te vervang, of om as vertaalekwivalente daarvoor te dien (Toury, 2000:200). Tekstuele norme kan óf suiwer linguisties wees (insluitend algemene stilistiese norme), óf literêr (waardeur byvoorbeeld bepaal word wat gepas is vir

letterkunde in die algemeen, vir 'n vertaalde werk, vir 'n sekere genre/literêre bron/periode of vir 'n sekere literêre tegniek) (Toury, 2000:203).

### 2.2.3.3 Inisiële norme

Die inisiële norm is 'n nuttige middel om te verwys na die vertaler se basiese keuse wat betref die vertaling van 'n teks. Die vertaler onderwerp hom/haar óf aan die oorspronklike bronteks met sy tekstuele verhoudings en die norme wat daarin uitgedruk is, óf aan die heersende linguistiese en literêre norme van die doeltaal en die doeltaalpolisistiem, of aan 'n sekere gedeelte daarvan (Botha et al. 1992:142).

Hierdie norm bly problematies te wees in die Afrikaanse vertaling van Harry Potter aangesien dit deurgaans onduidelik is aan watter norme, hetsy brontaalnorme (bronteks) of doeltaalnorme (doeltekste) die vertaler haarself onderwerp. Dit is hierin dat die vertaler inkonsekwent is.

Die term "inisiële norm" moet hoofsaaklik algemeen beskou word, d.w.s. volgens sy logiese prioriteit teenoor die ander, meer spesifieke norme (Botha et al. 1992:142). Dit tree op as 'n soort "definiërende instruksie" wat die paradigma van keuses bepaal.

Met Toury se werk en binne die Polisistiemteorie word verskuiwings in vertalings gesien as indekse (Hatim, 2001:69) wat dui op die werking van norme en dit word toegeskryf aan 'n verskeidenheid invloede insluitend vertalers se individuele style, vertalingsbeleid, ideologiese kwessies en politiese besluite. *Descriptive Translation Studies (DTS)* het ontwikkel uit 'n poging om hierdie kwessies te hanteer en is in sommige opsigte totaal teenstrydig met die konsep van ekwivalensie.

Ekwivalensie word buite rekening gelaat aangesien die sosiokulturele norme en tekstueel-literêre-konvensies in die doeltaal en doelkultuur die primêre rolspelers in die

vertalingsproses is. Toury is van mening dat die aspekte wat vertaling beïnvloed slegs indirek gekoppel is aan die BT, maar hoegenaamd nie aan die bronkultuur nie. Daar is dus in geen mate speurbare ekwivalensie tussen die bronteks en die doelteks nie. Die doelteks word eerder bepaal deur 'n stel norme uit die doelkultuur. Dit is hoe ekwivalensie deur 'norme' verplaas word (Hatim, 2001:69).

Ekwivalensie word verplaas in sover die konsep daarvan tradisioneel gekoppel word and preskriptiewe metodes, terwyl DTS juis op die beskrywing van die proses fokus. Ekwivalensie is nie die fokus nie, alhoewel dit op tekstuele vlak wel in 'n mindere of meerdere mate soos 'n norm funksioneer, bv. *lojaliteit* van Nord.

Toury se belangrikste bydrae met betrekking tot norme kan gestel word teen die agtergrond van sy eie navorsingservaringe. Hy begin deur 'n aantal ondersoeke wat strek oor 'n periode van 15 jaar waarin hy prosa en fiksie vertaal vanuit Engels, Russies, Duits, Frans en Jode-Duits in moderne Hebreeus. Die doel van hierdie ondersoek was om die tipe besluite wat instrumenteel blyk te wees in die proses van vertaling, te verken (sien hoofstuk 3 en 4 vir 'n uiteensetting van die poging om juis hierdie besluite in die Afrikaanse vertaling van Harry Potter te ondersoek). Dit was een manier om die polisisteme wat in werking tree in die doeltaalkultuur te probeer ontleed. Die duidelike skuiwe ('shifts') (Hatim, 2001:70) tussen die bronteks en die doelteks was 'n waarskynlike beginpunt aangesien dit hier is dat die estetiese onderstuttende vertalersbesluite geleë is. Waarnemings uit hierdie ondersoeke het aan Toury die nodige boustene verskaf vir die bestaan en die krag van norme in vertaling.

## **2.3 *Chesterman se 'memes'***

### **2.3.1 Meme**

Chesterman se missie is om vertalers daarvan te oortuig dat teorie die fondament is van enige vertaling. Hy sê dat:

"to translate without a theory is to translate blind."

(Chesterman, 1997:3).

In die geval van Harry Potter se Afrikaanse vertaler blyk dit dat Oosthuysen juis tekort skiet in 'n teoretiese onderbou in sover haar vertaling die indruk skep dat sy sonder 'n bepaalde teoretiese fondament vertaal en dus volgens Chesterman se uitlating 'blindelings' vertaal. (Sien hoofstuk 3 vir 'n uiteensetting van die inkonsekwentheid wat aanleiding gee tot hierdie gevolgtrekking.)

Chesterman se onderliggende metafoor vir vertaling is afgelei van die sosiobiologiese denke oor 'memes', naamlik die idees wat versprei en hulleself op dieselfde manier reproduseer as gene. Hy doen dit om weg te breek van die tradisionele denke oor vertaling as 'n oordragsproses. Dit beteken dat hy vertaling wil voorstel as 'n verskynsel waarbinne:

"ideas spread and change as they are translated, just as biological evolution involves mutations."

(Chesterman, 1997:2).

Chesterman definieer die konsep van 'n meem as 'n eenheid van kulturele oordrag of 'n eenheid van nabootsing (Chesterman, 1997:5). Soos gene, is meme ook reproduseerders en net soos 'n teorie oor gene, wat die oorwinning van die sterkstes vooropstel, word dit ook voorgehou dat idees wat goed is, bv. dié wat die oorlewing van hulle draers (die mense) bevorder, sal oorleef.

Die oordrag van meme binne 'n kultuur vind plaas deur taal en dit sou beredeneer kon word dat taal 'n oorlewingsmeganisme is vir meme. Alhoewel Chesterman dit nie eksplisiet bewys nie, sê hy wel dat "translations are survival machines for memes"

(Chesterman, 1997:3) en vertaling as sodanig behels die oordrag van 'n kultuur of die oorsteek van 'n kulturele grens en dit het primêr met taal te doen.

Daar word vyf vertaal-supermeme voorgestel wat Chesterman bestempel as:

“ideas of such pervasive influence that they come up again and again in the history of subject.”

(Chesterman, 1997:8).

Dit sluit die volgende in:

- bron-doel-supermeme
- ekwivalensie-supermeme
- onvertaalbaarheidsupermeme
- vry-vs-letterlike-supermeme
- alle skryfwerk is vertaalsupermeme

In 'n poging om 'n nuwe perspektief te verskaf oor die evolusie van vertaalmeme, onderskei Chesterman agt meemfases. Dit beskryf die verskillende ontwikkelingsstadiums van vertaling as sodanig en in die sesde fase, wat hy noem die kommunikasiefase, is die dominante metafoor vir vertaling die stuur van 'n boodskap aan 'n ander persoon (Chesterman, 1997:33). Hier word die vertaler gesien as 'n kulturele bemiddelaar en 'n deskundige, sowel as 'n teksontwerper. Die klem val op die kommunikatiewe effektiwiteit en die skopos (funksie) van die doelteks. Die etiese verantwoordelikheid van die vertaler kom ter sprake en pragmatiek tree op die voorgrond.

Hierna volg die “doel”-fase en dit volg 'n deskriptiewe benadering. 'n Sentrale konsep hier is die dinamika van 'n polisistiem, wat die geheel van 'n kultuur beskou as 'n netwerk van stelsels (Chesterman, 1997:37) waarvan vertalings net een substelsel is. Dit sluit onvermydelik die hele konsep van norme ook in. Die invloed van norme op 'n vertaler se

besluite word in oënskou geneem en die metafoor vir hierdie meem word "translation is manipulation" (Chesterman, 1997:37).


### 2.3.2 Norme

Volgens Chesterman is norme meme wat vir 'n betrokke tydperk in die meme-poel bly:

"Norms are memes that have been accepted by a community as conducive to behavioural because they are seen to be useful. They consequently become dominant and influential for thought and behaviour."

(Chesterman, 1997:38).

Norme is geposisioneer tussen wette en konvensies en volgens Chesterman het vertaalteorie sosiale (maatskaplike), etiese en tegniese norme nodig. Hierdie norme vorm deel van die geheel van norme wat Toury saamgestel het en is aanvullend en komplementêrend tot sy teorie. Chesterman deel die norme in drie verskillende tipes, waarvan Toury se norme (soos bespreek in 2.3) die eerste tipe uitmaak. Hierdie norme dien as oplossings vir sekere interaktiewe situasies wat voorkom.



Die tweede tipe norme volgens Chesterman is **verwagtingsnorme** of **produknorme**. Hierdie norme word vasgestel deur die verwagtinge van die doeltekslesers – hoe dit moet lyk, wat aanvaarbaar is en dit hulle toelaat om evaluerende oordele te fel oor die vertaling. Voorbeelde hiervan word gevind in wat House overte en koverte vertalings noem (Hatim, 2001). Overte vertalings, wat sterk herinner aan Venuti (Hatim, 2001) se vervreemding is die wat gelees word as 'n vreemde ('foreign') teks en dit sal waarskynlik 'n heel ander posisie vervul in die doeltaalpolisistiem. Koverte vertalings aan die ander kant, is vertalings wat deur die doeltaalleser gelees sal word as 'n onvertaalde teks – asof dit totaal eie is aan hulle taal en kultuur en in die moedertaal geproduseer is. Dit beteken dat die teks niks bevat wat 'vreemd' is nie en dit kan gelykgestel word aan Venuti se konsep van domestikering of naturalisasie (vgl. p. 10).

In die Afrikaanse vertaling van Harry Potter is daar 'n poging tot domestikering, maar daar is wel elemente in die teks wat as 'vreemd' beskou kan word in die Suid-Afrikaanse kultuur en milieu, bv. die plekname en seisoenale verskille, asook die vreemde persoonseiname wat nie korreleer met die doeltaalkonvensies nie.

Die laaste kategorie is **professionele norme** wat bekragtig word deur outoriteite asook deur die blote bestaan van hierdie norme. Dit is hoofsaaklik professionele vertalers wat verantwoordelik is vir die daarstel van hierdie norme. Professionele norme word bepaal deur die verwagtingsnorme, wat afhanklik is van die verwagting vir die aard van die eindproduk/doelteks. Dit verwys na aspekte soos bekwaamheid en "professionaliteit" (Chesterman, 1997: 70).

Professionele norme is **prosesnorme** en bevat ook die **verantwoordelikheidsnorm**, wat 'n etiese norm is, kommunikatiewe norme (sosiale/maatskaplike norme) en verwantskapsnorme (verwys na die daarstelling en instandhouding van 'n verwantskap van relevante eendersheid tussen die bronteks en die doelteks). Hierdie verwantskap is iets waaroor die vertaler besluit en is 'n linguistiese norm (Chesterman, 1997:72).

### 2.3.3 Die gevolgtrekking

In die lig van Chesterman en Toury se teorie, wil dit voorkom asof die aspekte wat bepalend is vir vertaling en die kulturele wêreld as volg voorgestel kan word:

***Voorkeure – Konvensies – Reëls – Meme – Norme – Wette – Universele***

*(Hierdie skaal moet gelees word van links na regs wat dwingendheid vir die vertaler betref).*



Bogenoemde speel 'n daadwerklike rol in die wyse en mate van vertaling wat plaasvind in elke vertaler se vertaalproses. Dit hang net af wat die vertaler as maatstaf gebruik en hoe die doelteksleser dit interpreteer. Norme sal 'n vertaler bv. baie sterker beïnvloed om doelteksgeoriënteerd te vertaal as konvensies en indien norme gebruik word as maatstaf, behoort daar meer konsekwentheid te wees in 'n vertaalde teks ten opsigte van die ooreenkoms en verhouding tussen die doelteks en die bronteks. Inkonsekwentheid in die Afrikaanse vertaling van Harry Potter is problematies en op grond hiervan wil dit voorkom asof die vertaler haar nie onderwerp het aan norme as maatstaf vir haar vertaling nie. (Sien par. 3.4, 3.5 en 4.2 vir 'n duidelike uiteensetting van die inkonsekwentheid in die toepassing van verskillende vertaalstrategieë).

## 2.4 Kultuur en vertaling

Die antropologiese konsep van kultuur verwys na die algemene leefwyse van 'n gemeenskap. Dit sluit al daardie tradisionele, eksplisiete en implisiete norme in wat die gedrag van die lede van 'n bepaalde kultuur reguleer en bepaal. Dit is 'n groep se dominante en aangeleerde gewoontes wat o.a. voorkeure, vooroordele en waardes insluit (Toury, 1995:34).

Daar het 'n verskuiwing plaasgevind in vertaalstudies vanaf linguïstiesgeoriënteerde benaderings, na meer kulturele benaderings. Taal word beskou as 'n entiteit wat ingebed is in die kultuur van 'n bepaalde gemeenskap. As gevolg hiervan kan die betekenis van 'n linguïstiese eenheid slegs verstaan word binne die konteks van die bepaalde kultuur.

Tydens die vertaalproses vind daar interkulturele kommunikasie plaas. Dit is dus nie net 'n uitruiling van verskillende linguïstiese entiteite nie, maar wel van kulture. Gedurende hierdie kommunikatiewe proses, speel die vertaler 'n baie groot rol. Die vertaler bepaal

op die ou end wat die geslaagdheid van die kulturele kommunikasie is en hoe hy/sy dit gaan bewerkstellig.

Binne die reikwydte van hierdie studie is dit dus belangrik om te kyk watter vertaalbesluite die vertaler geneem het en hoe dit die kulturele kommunikasie van die boeke in geheel beïnvloed het. (Sien hoofstuk 4, paragraaf 4.3).

### 2.4.1 Interkulturele kommunikasie

Die vertaling van literêre tekste vanuit een kultuur in 'n ander behels meer as net linguistiese aspekte. Dit word duidelik wanneer die bronkultuur geografies verwyderd is van, of andersins totaal onbekend is aan die doelkultuur. Dan moet daar besluit word op 'n bepaalde vertaalstrategie om die kulturele struikelblokke uit die weg te ruim en die beste moontlike vertaling te produseer.

Om 'n suksesvolle kommunikatiewe en gepaste vertaling te produseer, moet vertalers doelteksgeoriënteerd wees. Dit behels dat die vertaler moet wegbeweeg van die konsep van ekwivalensie as die rigtinggewende norm en eerder daarna streef om doelgerigte vertalings te produseer (Sien par. 2.2.2). Vertalers moet ook deurgaans in gedagte hou dat vertalings beïnvloed word deur *wat* vertaal word, deur *wie*, vir *wie*, *wanneer*, *waar* en *waarom*.

Waar dit kinderliteratuur aangaan, is dit baie belangrik dat kinders verstaan wat hulle lees of wat aan hulle voorgelees word en dat dit ook vir hulle moontlik is om aktief deel te neem aan die kommunikasieproses. Om kinders die *begunstigdes* te maak in die hele vertaalproses, stel Nord (1994) voor dat vertalers, voordat hulle vir kinders vertaal allereers moet besluit op die *tekswêreld* terwyl die *leefwêreld* van kinders ook in gedagte gehou moet word. Dit behels weereens dat die vertaler lojaal moet wees aan die

doeltaalleser, maar ook aan die sender van die BT, sodat die leser nie beroof word van die kommunikatiewe krag van die oorspronklike teks nie.

Die doelgroep bepaal uiteindelik die skopos (doel/funksie) van die doeltteks en ook die wyse waarop die kind aangespreek word insluitend die woordkeuse, uitdrukkings, ens.

#### 2.4.2 Die rol van die vertaler

Vertaling vorm 'n brug tussen twee kulture, nl. 'n brontaalkultuur en 'n doeltaalkultuur. Die twee tale wat verteenwoordig word vorm 'n integrale deel van die twee onderskeie kulture. Die vertaler werk dus uitsluitlik met taal, maar hy/sy moet ook deurgaans in gedagte hou dat die BT ingebed is in die bronkultuur waarvan hy/sy konnotasies of merkers moet kan uitken (Heyns, 2003).

Die bepaalde situasie waarbinne 'n vertaler 'n kommunikatiewe situasie moet naboots wat bepaal word deur 'n ander persoon se behoeftes en doelwitte, skep baie spesifieke en spesiale voorwaardes vir die produksie van 'n DT. Nord stel dit soos volg:

“The translator is not the sender of the ST message but a text producer in the target culture who adopts somebody else’s intention in order to produce a communicative instrument for the target culture, or a target-culture document of a source-culture communication.”

(Nord, 1997:11).

'n Vertaler moet dus besluit op 'n vertaalstrategie wat allereers die *skopos* van die doeltteks vooropstel aangesien die saaklikheid van kulturele identifikasie van die tekswêreld afhang van die voorgenome funksie van die doeltteks of die *skopos*. Die *skopos* moet bepaal of die vertaler die tekswêreld los soos wat dit is, of dit aanpas of neutraliseer om 'n spesifieke funksie te verrig. Die hele konsep van die belang van die funksie wat die doeltteks moet vervul, het sy oorsprong by die Funkisionalisme.

### 2.4.3 Funksionalisme

Die Funksionaliste se hoofargument is dat doeltekste geproduseer en ontvang word met 'n spesifieke doel of funksie (Schäffner, 2002:10). Een van die eerste persone om vertaling in hierdie rigting te begelei, is Katharina Reiss. Reiss, wat bekend staan as die 'moeder van die Funksionalisme', stel in 1970 die konsep van 'tekstipes' bekend (Feinauer 2002). Elke tipe teks vereis 'n gepaste manier/metode van vertaling. In die proses waar 'n doelteks dalk 'n ander konteks as die bronteks vereis, kan daar funksionele veranderinge plaasvind. Hierdie denkwyse veroorsaak onvermydelik totale erosie van die konsep van streng ekwivalensie (Hermans, 1994:14).

Alhoewel dit aanvanklik dus lyk of die Funksionaliste baie sterk ooreenstem met die Tekslinguïste met verwysing na die funksie van 'n teks, is die grootste verskil tussen hulle die konsep van *ekwivalensie*. Die Tekslinguïste streef steeds na ekwivalensie tussen die bronteks(funksie) en die doelteks(funksie), terwyl die Funksionaliste totaal wegbeweeg van die idee van ekwivalente verhouding tussen die bronteks en doelteks. Hulle verwerp die idee van ekwivalensie en meen dat die funksie van die DT die vorm en metode van vertaling bepaal.

Vertaling word nou gekontekstualiseer. Dit is nie meer 'n meganiese funksie nie, maar 'n komplekse kommunikatiewe handeling wat bepaalde uitinge en sprekers in 'n bepaalde kultuur en linguïstiese sisteem omvat. Die kulturele en linguïstiese sisteme wat betrokke is in die vertalingsprosedure, is altyd asimmetries. Daarom is vertaling 'n onomkeerbare, eenrigtingproses (Hermans, 1994:15). Mens kan dus nie weer vanaf die doelteks na die bronteks terug vertaal en verwag om dieselfde boodskap te kry nie.

Onder leiding van Reiss, formuleer Hans Vermeer sy *skoposteorie*. Die 'Dictionary of Translation' verklaar die woord *skopos* as: afgelei van die Griekse woord wat beteken: "purpose, goal" (Shuttleworth, 1997:156). Vermeer sien vertaling:

".. in terms of social action carried out by professionals and determined by a particular goal (called 'skopos').." (Hermans, 1994:15).

Een van die hoofrolspelers in die 'skopos' van 'n kommunikatiewe aktiwiteit, is die aangesprokenes of ontvangers met hulle spesifieke kommunikatiewe behoeftes. Dit sluit die bronteks sowel as die doelteks in. Aangesien die bronteks aan 'n spesifieke kulturele brontaalgehoor gerig is en 'n spesifieke kommunikatiewe funksie het, is die bronteks en sy linguistiese, paralinguistiese en nie-linguistiese elemente onderworpe aan die norme en konvensies onderliggend aan die brontaalkultuur (Nord, 1997:46). Net so is die doelteks gerig aan doeltaalkultuur-lesers. Die teks is daarop gerig om vir hierdie groep betekenisvol en funksioneel te wees, daarom is dit ook onderworpe aan die norme en konvensies onderliggend aan die doeltaalkultuur. Dit is dus nie altyd moontlik vir die bronteks en die doelteks om ekwivalent te wees nie en ook nie vir hul funksies om ekwivalent te wees nie. Die bronteks is nie meer die norm nie (Naudé, 2000:5).

Die fokus word dus verskuif vanaf die bronteks na die doelteks en sy kommunikatiewe funksie(s):

"It is no longer the ST which sets the standards for the translator's decisions in the translation process, but the intended receiver of the translation, whose reception will be entirely guided by TC expectations, conventions, norms, models, real-world knowledge, perspective, etc." (Nord, 1997:46)

Dit is direk in teenstelling met die ekwivalensie-gebaseerde vertaalteorie: indien 'n vertaling 'n verandering in funksie vereis, is ekwivalensie aan die bronteks nie meer 'n prioriteit nie (Naudé, 2000:8). Die ideale vertaling is gevolglik 'n vertaling wat voldoen

aan die kommunikatiewe doelwit wat bepaal word deur die beoogde doelwit van die doeltteks.

Uiteindelik regverdig verskillende tekste en verskillende skoposse elk hulle eie metode van vertaling en ook die mate waartoe hulle die bronteks inkorporeer of aanpas, ens. 'n Vertaler se besluit om kulturele konteksaanpassings te maak, is 'n ingewikkelde een en baie belangrik, want dit bepaal die keuse van 'n vertaalstrategie.

#### 2.4.4 Funksionalisme en Literêre vertaling

Nord kyk vanuit 'n funksionalistiese oogpunt na die vertaling van literêre tekste en hou 'n paar voorstelle aan die hand van die skoposteorie voor. Sy verdeel dit in verskillende kategorieë (1997:62):

1. *Interpretation: The translator interprets the source text not only with regard to the sender's intention but also with regard to its compatibility with the target situation* – Dit beteken dat die vertaler die doelteksprofiel (tyd, plek, motief, aangesprokenes, medium, ens.) vergelyk met dié van die bronteks. Die gevolg is dat: "the target text will then not be apt to achieve the functions intended by the source-text author, since the target receivers cannot establish coherence between their background knowledge and the information given in the text". In die ideale geval, antisipeer outeurs die lesers se agtergrondkennis korrek en is hulle suksesvol in die verbalisering van hulle intensie in die doeltteks.
2. *Text Function: The target text should be composed in such a way that it fulfils functions in the target situation that are compatible with the sender's intention* – In die analise van die bronteks, poog die vertaler om uit te vind watter funksie of funksies die teks vervul/vervul het in die brontaalkultuur. Die vraag is dan watter van hierdie funksies vervul kan word in die doelkultuur deur 'n instrumentele vertaling en of 'n dokumentêre vertaling eerder sal werk.

3. *Cultural Distance: The text world of the translation should be selected according to the intended target-text function* – Dit beteken dat daar geen norm of reël is wat stipuleer dat die brontekswêreld onveranderd behou moet in word in enige vertaling nie. Daar is gevalle (soos in sommige kinderboeke) waar dit baie belangrik is vir die realisering van die sender se appellatiewe bedoeling dat die doeltaallesers die tekswêreld sal herken as kongruent aan hulle eie realiteit. In ander gevalle is dit weer nie essensieel vir die funksie van die teks nie en het die doel van die vertaling verskuif na die leser se veronderstelde belangstelling in 'n eksotiese wêreld. Dit kan dan die beste bevredig word deur die brontekswêreld in vrede te laat en vreemde inligting óf te verduidelik in 'n voetnota óf in 'n woordelys ens. Dit is egter nie 'n realistiese oplossing in kinderboeke nie aangesien kinders met so min moontlik moeite en met 'n lae moeilikheidsgraad deel wil word van 'n tekswêreld. Kinders sal ook nie noodwendig vertrou wees met die gebruik van voetnotas en woordelys nie.
4. *Text effect: The code elements should be selected in such a way that the target-text effect corresponds to the intended target-text functions* - Net soos met die bronkultuur, voorsien die doelkultuur ook linguistiese gegewe wat 'n spesifieke teksfunksie kan laat behoue bly. Deur hierdie gegewe te implementeer, kan die vertaler met sekerheid weet dat die doeltaallesers die intensie van die teks met die bedoelde funksie sal ontvang. 'n Vertaler moet onder geen omstandighede die doeltekslesers met 'n lepel voer nie. As 'n reël aanvaar lesers nuwe, oorspronklike of vreemde (foreign) maniere waarmee ou of nuwe idees aangebied word. Dit is 'n baie effektiewe manier om die doelteks te verryk deur die oordrag van ongewone taalgebruik.

Die balans tussen funksie en effek is egter baie delikaat in kruiskulturele literêre kommunikasie. In 'n literêre vertaling word daar van die vertaler verwag om nie net die

boodskap van die bronteks oor te dra nie, maar ook die spesifieke wyse waarop die boodskap in die bronteks uitgedruk is (Reiss in Nord: 1997:64). Dit sal ekwivalensie bewerkstellig tussen bronteks en doelteks ten opsigte van teksfunksie en tekseffek, 'n tipiese tekslinguistiese ideaal. 'n Ideale vertaling sal dan dieselfde funksie en effek hê. Tog is daar steeds meer vereistes wat gestel word aan literêre vertalers – 'n vertaalde literêre teks behoort 'n onafhanklike, parallelle kunswerk te wees. Dit behoort ook die literêre struktuur van die oorspronklike te reproduseer en daardeur die doeltaallesers in te lig oor die genre, artistieke waarde en linguistiese estetika van die oorspronklike teks (Nord, 1997:64).

Reiss stel dit as volg (Nord, 1997:65):

“a literary translation orients itself towards the particular character of the work of art, taking as its guiding principle the author’s creative will. Lexis, syntax, style and structure are manipulated in such a way that they bring about in the target language an aesthetic effect which is analogous to the expressive individual character of the source text.”

Dit is in hierdie geval waar die *brief* vir die vertaling 'n baie belangrike rol speel. Dit is al vele male bewys dat vertalers minder linguistiese foute maak indien hulle presies weet wat die doelwit is van hulle vertaling. As hulle hulle nie kan indink wie vir wie aanspreek nie en wat die doel daarvan is nie, sal hulle naorstig klou aan die bronteks se oppervlakstruktuur omdat hulle vrees dat hulle die doel gaan mis. 'n Definisie van die doel is dus van kritieke belang vir die evaluering van die funksie.

#### 2.4.4 Vertaalstrategieë

Verskillende vertaalstrategieë kan in vertalings toegepas word. Hierdie strategieë het 'n direkte invloed op die rol van die vertaler (dit is sy/haar keuse) sowel as die kulturele kommunikasie in die vertaalde weergawe.



Ongeag die metode wat gekies word om te vertaal, is dit onvermydelik dat die vertaler verskeie probleme tydens die vertaalproses sal ondervind. Dit kan wees as gevolg van een problematiese geval of bloot omdat daar 'n gaping is in die vertaler se kennis en vaardighede. Dit is dan wanneer vertaalstrategieë op die voorgrond tree. Strategieë is die prosedures (bewus of onbewus, verbaal of nie verbaal) wat deur 'n vertaler gebruik word om probleme op te los wat tydens die vertaalproses voorkom (Molina & Albir, 2002:508). Vertalers gebruik strategieë vir 'n beter begrip en vir herformulering wanneer hulle vertaal:

“Because (translation)strategies play an essential role in problem solving, they are a central part of the subcompetencies that make up translation competence.”

(Molina & Albir, 2002:508)

Hier word enkele vertaalstrategieë genoem wat gebruik word in vertaling.

#### 2.4.4.1 Lokalisasie



Een manier om kulturele konteks aanpassings in 'n vertaling teweeg te bring, is om 'n teks te *lokalisier* (Klingberg, 1986:16). Dit beteken dat die kulturele milieu van die bronteks nader aan die doeltekslesers gebring word, m.a.w alle kultuurgebonde elemente van die teks word aangepas vir die doelkultuur.

Aangesien elke teks ingebed is in die kultuur waarin dit sy oorsprong het, sal 'n vertaalde teks sekere elemente bevat wat vreemd is vir doeltaallesers. Die gevaar bestaan dat die vertaalde teks moeilik verstaanbaar kan wees of selfs minder interessant sal wees indien hierdie aanpassings nie gemaak word tydens vertaling nie. Dit sluit ten volle aan by Venuti se term - “domestication”.

#### 2.4.4.2 Vervreemding en Domestikering

Die sleutelkwessie in vertaling binne enige kulturele studie is of die vertaler 'onsigbaar' (invisible) moet bly. Die term *invisibility* (onsigbaarheid) verwys na die mate waartoe sekere vertalaltradisies die teenwoordigheid toelaat (*tolerate*) van die vertaler in die vertaling. Volgens Venuti verwys onsigbaarheid na twee totaal verskillende, maar verwante verskynsels, nl:

- Die 'effek van die diskoers' – dit is die vertaler se taalgebruik en
- 'n leespraktyk – of die manier waarop die vertalings ontvang en geëvalueer word (Hatim, 2001:45).

Binne die Anglo-Amerikaanse vertaaltradisie, word daar gesê dat mense 'n baie positiewe houding het teenoor 'n vertaling wat vloeiendheid en deursigtigheid weerspieël (Hatim, 2001:45). Dit kom egter teen 'n prys en Venuti meen dat:

“...they rely on illusory effect which overshadows not only essential aspects of source text meaning but also how the translation actually comes to be (i.e. the multifarious conditions under which translators work and translations are produced”

(Hatim, 2001:45).

Hierdie onderwerp gee aanleiding daartoe dat Venuti onderskei tussen *foreignisation* en domestikering (1995:20) as vertaalstrategieë. *Domestikering* beteken dat 'n teks toeganklik gemaak word en akkommoderend is vir die doeltaalleser, m.a.w die teks word gelyk gemaak aan die kulturele en linguistiese waardes van die doeltaalleser:

“Domestication, said to be the hallmark of dominant translation traditions such as the Anglo-American, is seen as an approach to translation which, in order to combat some of the 'alienating' effects of the foreign text, tends to promote a transparent, fluent style”

(Hatim, 2001:46)

*Foreignisation* (vervreemding) is die teenoorgestelde hiervan. Dit verwys algemeen na 'n vertaalstrategie waarin die vreemdheid van die bronteks behoue bly (Venuti, 1995:20):

"...a translation strategy which deliberately breaks target linguistic and cultural conventions by retaining some of the 'foreignness' of the source text."

(Hatim, 2001:46).

Hierdie onderskeiding dateer terug na die Duitse teoloog en vertaler, Friedrich Schleiermacher, wat dit as volg uiteengesit het:

"The translator can either leave the writer in peace as much as possible and bring the reader to him, or he can leave the reader in peace as much as possible and bring the writer to him."

(Schleiermacher, soos in Hatim, 2001:46).

Na aanleiding van Schleiermacher se aanhaling, sou die beste opsie in die vertaling van kinderboeke wees om die leser soveel moontlik in vrede te laat en om die skrywer na hom/haar toe te bring aangesien die leser so min moontlik verwar moet word sodat die tekswêreld vir die leser aanneemlik en aanvaarbaar word. Dit kom neer op domestikering as vertaalstrategie. Tog sou 'n mens kon sê dat in die geval van Harry Potter, dit moontlik beter sou wees om nie te domestikeer nie en sodoende al die 'vreemde' elemente te behou in die doelteks aangesien hierdie 'vreemdheid' bekend geword het namate die reeks ontwikkel het en films daarvan gemaak is. Die boek is dus tot 'n mate gestroop van sy 'vreemdheid' in die Suid-Afrikaanse kultuur ten spyte van die feit dat dit nie ooreenstem met ons onmiddellike kultuur en milieu nie. Kinders het die vreemde name wat in die films gebruik word en deel is van die bronteks leer ken en dit het sodoende deel geword van hulle leefwêreld. Deur die boek ten volle te domestikeer kan dan weer 'n 'vreemdheid' teweegbring wat anders daar uitsien as die oorspronklike 'vreemdheid'.

Binne die raamwerk van kulturele studies, word domestikering gekritiseer vir die uitsluitende (*exclusionary*) impak wat dit kan hê op bronkultuurwaardes. Stereotipes van nasionale persoonlikhede word vanselfsprekend gevorm en bepaalde persepsies word as gevolg hiervan gekonstrueer.

Venuti werk veral met die vertaling van minderheidstale in Engels. Die geldigheid van sy uitsprake vir hierdie tesis is dus nie soveel van belang nie aangesien daar vanuit 'n minderheidstaal nl. Engels, in Afrikaans vertaal word.

#### **2.4.4.3 Meme as vertaalstrategie vir kultuuroordrag**

Chesterman meen dat strategieë meme is aangesien dit algemeen deur vertalers gebruik word en erken word as konseptuele 'gereedskap' vir vertaling. Volgens Chesterman is strategieë wyses deur middel waarvan vertalers poog om in te val by norme (1997:88). Volgens hom behels strategieë tekstuele manipulasie, dit is doelgeoriënteerd (in terme van vertaalnorme), probleemgesentreerd, potensieel bewus, intersubjektief, en daarom kan dit ook aangeleer word.

Hy onderskei tussen drie vertaalstrategieë. Dit sluit in, pragmatiese (kulturele filtrering), semantiese en sintaktiese strategieë (leenvertaling en letterlike vertaling) (1997:94). Sintaktiese strategieë verwys na aspekte soos 'n letterlike vertaling, veranderinge aan frasestruktuur en sinstruktuur, ens. Semantiese strategieë is dikwels afhanklik van die taalpaar wat betrokke is en sluit aspekte in soos sinonimie, antonimie, klemverskuiwing, parafrasering, ens. Pragmatiese strategieë behels kulturele filtrering, informasieverandering, gedeeltelike vertaling, verandering in sigbaarheid van die vertaler, ens.

Die keuse van 'n vertaalstrategie berus op die norme van vertaling (sien par. 2.3.2) en is gebaseer as 'n antwoord op die vraag: "waarom het jy besluit om X te doen?" (Chesterman, 1997:89). Die antwoord op hierdie vraag kan gesetel wees in die behoefte om te voldoen aan die verwagtingsnorme van die doeltaalgemeenskap, asook aan die verantwoordbaarheidsnorm of die verwantskapsnorm (sien par. 2.3.2). Dit is egter problematies in die Afrikaanse vertaling van Harry Potter aangesien die inkonsekwente toepassing van vertaalstrategieë 'n inkonsekwente begrip van die 'verwagtinge' van die doeltaalgemeenskap kommunikeer. Dit is onduidelik aan watter stel norme, hetsy bronteksnorme of doelteksnorme die vertaler haar onderskik. Die verwantskap tussen die bronteks en die doelteks blyk ook soms onduidelik na aanleiding van die vertaling van sommige persoonseiname (sien bylaes A en B).

## 2.5 Vertaling van persoonseiname

Skrywers kies gewoonlik persoonseiname vir fiktiewe karakters vanuit die kultuur wat die basis vorm vir hulle storie. Dit volg dat die name wat gekies word 'n spesifieke funksie of betekenis het binne die spesifieke narratologiese ruimte en dat dit deel uitmaak van karakterisering (Heyns, 2003: 8). 'n Belangrike funksie van einame in fiksie is dus om aan te dui binne watter kulturele milieu die gebeure plaasvind. Dit behels verder dat, indien einame 'n onderliggende betekenis het, dit slegs funksioneel sal wees binne daardie betrokke kultuur.

'n Reël wat baie diep ingebed is by menige vertaler is dat einame nooit vertaal word nie (Nord, 2003:2). Tog as daar gekyk word na verskillende vertaalde tekste, word daar gevind dat vertalers op baie verskillende wyses te werk gaan met einame, onder andere:

- Laat onvertaal (wat kan lei tot verskillende uitsprake van die betrokke eienaam) bv. Harry Potter
- Morfologiese aanpassing tot die doeltaal, bv. Dompeldorius (Dumbledore)
- Vervanging met semantiese soortgelyke naam, bv. Spruit (Sprout)
- Substitusie, bv. Wolfgang (Sally-Ann)

Nord merk op dat:

“It is interesting to note, moreover, that translators do not always use the same techniques with all the proper names of a particular text they are translating.”  
(Nord, 2003:2).

Dit blyk die geval te wees in die Afrikaanse vertaling van Harry Potter. Die vertaler het deurgaans verskillende metodes gebruik in die vertaling van die eiename. Daar is dus nie konstant met een tegniek omgegaan nie. Hierdie verskillende tegnieke wat Janie Oosthuysen gebruik het sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

Om 'n eienaam te vind vir die fiktiewe karakters, put skrywers dikwels uit 'n hele repertoire name wat bestaan in hulle kultuur en hulle kan nuwe, fantastiese, absurde of deskriptiewe name uitdink vir die karakters wat hulle skep, bv. *Dumbledore* en *Snipe*. Uiteindelik blyk dit dat daar geen reël is vir die vertaling van eiename nie. In nie-fiktiewe tekste wil dit voorkom asof die konvensie is om die doelkultuureksoniem van 'n bronkultuurnaam te gebruik, indien daar een is. Indien die vertaler voorkeur gee aan die bronkultuurvorm, sal lesers nie omgee nie, mits dit baie duidelik gemaak word na watter kulturele konteks die name verwys:

“Wherever the function of the proper name is limited to identifying an individual referent, the main criterion for translation will be to make this identifying function work for the target culture.”  
(Nord, 2003:4).

In fiksie kan dit soms nie heeltemal so eenvoudig wees soos in die voorafgaande gestel is nie. In fiktiewe tekste bestaan daar selde 'n eienaam wat nie 'n informatiewe funksie het nie – hoe subtiel hierdie funksie ookal mag voorkom, bv. *Flitwick*. Indien hierdie inligting eksplisiet is, bv. 'n deskriptiewe naam, kan die naam vertaal word, alhoewel 'n vertaling kan inmeng met die funksie van 'n kulturele merker. As die inligting implisiet is of die merkerfunksie prioriteit geniet bo die informatiewe funksie van die eienaam, sal die inligting verlore gaan in 'n vertaling tensy die vertaler besluit om te *kompenseer* vir hierdie verlies. Dit kan gedoen word deur die betrokke inligting te verskaf binne die konteks (Nord, 2003:4), bv. deur te noem dat Hermione 'n fotografiese brein het en dat sy baie vergewensgesind is (Sien verder in par. 4.3).

Daar is natuurlik ook eiename wat in die doelkultuur sowel as in die bronkultuur bestaan. In hierdie geval verander die karakter in der waarheid ook van 'nasionaaliteit' in sover die uitsprake in verskillende tale gaan verskil. Dit kan weer inmeng met die homogeniteit van die milieu indien sommige name vertaal word en sommige name 'bikultureel' is en nie vertaal word nie (Nord, 2003:5). Dit kom neer op 'n besluit om die teks óf *eksoties* daar te laat uitsien en alle name deurgaans te behou al is hulle nie almal bikultureel nie, óf om almal deurgaans te vertaal om die teks *bekend* te maak vir die leser.

Die behoud van brontekseiname is 'n baie algemene probleem in die vertaling van kinderboeke, veral as daar 'n pedagogiese boodskap is wat onderliggend aan die teks is. 'n Storie wat in die ontvanger se eie kulturele wêreld afspeel, laat identifikasie toe, terwyl 'n storie wat afspeel in 'n vreemde, moontlike eksotiese wêreld die leser kan noop om op 'n afstand te bly (Nord, 1994:58). Nord meen dat hierdie probleem duidelik blyk uit die Brasiliaanse vertaling van *Alice in Wonderland* waar alle kulturele merkers, insluitend die eiename, deurgaans aangepas is na die doeltaalkultuur (Nord, 2003:5).

Uiteindelik kom dit daarop neer dat einame in die werklike leefwêreld inligting kan verskaf oor die karakter se geslag, ouderdom en selfs binne die Suid-Afrikaanse konteks, die etnisiteit van die karakter. Indien die vertaling inmeng met die funksie van die kulturele merker, kan dit die doeltaallesers beroof van 'n totale narratiewe situasie. Die gevaar bestaan dus dat die vertaling van einame steurend kan inwerk op die ervaring van die milieu as dit so verander word dat dit nie meer herkenbaar is nie. Stolt (1978:136) waarsku dat 'n vertaler daarteen moet waak om nie verwarring te veroorsaak deur byvoorbeeld 'n naam te kies wat glad nie inskakel by die ander karakters se name nie, of selfs 'n kombinasie van name uit verskillende kulture te gebruik, aangesien dit kan lei tot kulturele verwarring en vervreemding van die doeltteks.

Vir die doel van hierdie studie word daar gekyk na die onderskeie einame in die bronteks en doeltteks (met die fokus op die doeltteks), na die funksie en vorms van die einame sowel as die vertaalstrategieë wat toegepas is in die vertaling daarvan. Die studie is dus beide funksionalisties en deskriptief.


## **2.6 Implikasies vir die Afrikaanse vertaling van Harry Potter**

In die hieropvolgende hoofstuk sal daar noukeurig gekyk word na die vertaling van die einame in HP. Daar sal gekyk word na die vertaalstrategieë wat toegepas is en hoe konsekwent dit toegepas is.

Om 'n objektiewe deskriptiewe studie daar te stel, sal die einame in die bronteks sowel as die doeltteks getel word en gekyk word watter persentasie van die einame wel vertaal word en volgens watter vertaalstrategie. Uiteindelik sal daar vasgestel word of die vertaler op grond van subjektiewe voorkeure en konvensies vertaal het en of dit meer



geneig het tot norme en universele in die vertaling. Daar sal gekyk word of die gekose vertaalstrategieë tot domestikering of vervreemding aanleiding gegee het en of dit enigsins tot vervreemding van die leser aanleiding kon gee.




## Hoofstuk 3:

# Kwantitatiewe Oorsig: Die verhouding tussen onvertaalde en vertaalde persoonseiname

### 3.1 Inleiding

Soos uiteengesit in hoofstuk 2, is daar 'n verskeidenheid vertaalstrategieë wat toegepas kan word vir die vertaling van einame. Dit word binne 'n deskriptiewe benadering bespreek aangesien daar terugskouend gekyk (deskriptief) word na die vertaling van Harry Potter in Afrikaans en die vertaling as sodanig bespreek word – hoe dit alreeds gedoen is.



In hierdie hoofstuk gaan daar kwantitatief na die data gekyk word. Hierdie kwantitatiewe beskouing gaan behels dat die einame in die doeltteks getel sal word. Hierna sal dit onderskei word in vertaalde teenoor onvertaalde einame om te bepaal hoeveel van die totale aantal einame vertaal is en hoeveel onvertaal gelaat is. Die vertaalde einame sal dan ondersoek word om te kyk volgens watter vertaalstrategie hulle vertaal is en hoe konsekwent die vertaalstrategieë toegepas is. Hierdie kwantitatiewe beskouing sal lei tot 'n kwalitatiewe analise in hoofstuk 4, waar die effek van die verskillende vertaalstrategieë asook die verhouding tussen onvertaalde vs vertaalde einame op die boek as 'n geheel bepaal sal word.

---

Eerstens gaan daar kortliks weer gekyk word na vertaalstrategieë waarna daar dan aandag gegee sal word aan die vertaling van einame en die belangrikheid van die einame in fiksie.

### 3.2 Belangrikheid van vertaalstrategieë

Strategieë baan die weg vir 'n vertaler om 'n gepaste oplossing te vind vir 'n woord of vertaaleenheid. Die oplossing sal realiseer die oomblik wanneer 'n betrokke tegniek dan gebruik word. Daarom vervul strategieë 'n baie spesifieke rol in die probleemoplossing en affekteer dit uiteindelik die geheel, in sover die betrokke vertaalstrategie wat gekies is, gaan bepaal wat die verwantskap tussen die doeltteks en die bronteks gaan wees, sowel as aan watter norme die vertaler hom/haar onderskik het.

Vertaalstrategieë is nie goed of sleg uit eie reg nie, hulle word funksioneel of dinamies gebruik op grond van:

1. die genre van die teks
2. die tipe vertaling (tegnies, literêr, ens.)
3. die doel van die vertaling en die karaktereienskappe van die doelteksleser, en
4. die metode wat gekies is

(Molina & Albir, 2002:509)

In die lig van die bogenoemde, word vertaalstrategieë gedefinieer as prosedures wat vertaalekwivalensie analiseer en klassifiseer (Molina & Albir, 2002:509). Dit het vyf basiese karaktereienskappe, nl:

1. dit affekteer die vertaalproduk
2. dit word geklassifiseer deur middel van 'n vergelyking met die bronteks
3. dit affekteer die mikro-eenhede van die teks

4. dit is van nature diskursief en kontekstueel

5. dit is funksioneel

(Molina & Albir, 2002:509)

Uit die aard van die saak is vertaalstrategieë nie die enigste kategorieë wat beskikbaar is vir die analise van 'n vertaalde teks nie. Ander aspekte wat ook 'n invloed uitoefen gedurende die analise, sluit in: kohesie, koherensie, tematiese progressie en kontekstuele dimensies.

Vir die doeleindes van hierdie studie, sal daar egter uitsluitlik gekyk word na die vertaalstrategieë en die effek wat dit het op die boek in geheel. Soos vroeër uiteengesit, sal daar ook uitsluitlik gekyk word na die vertaling van die persoonseiname in die twee onderskeie Harry Potter boeke.

### 3.3 Eiename, vertaling en fiksie

(Sien ook hoofstuk 2)



Skrywers van moderne fantasie voer die leser na 'n tyd en 'n plek waar die onmoontlike oortuigend moontlik word (Norton, 1983:285). Maar om aan karakters bloot buitengewone magte te gee of om hulle in 'n fantasiewêreld te plaas, maak nie noodwendig daardie karakters blywend nie. Die karakters moet ook geloofwaardig wees. Hulle moet die leser kan inspireer om in hulle te glo (Heyns, 2003:8).

Eiename speel hier 'n baie belangrike rol – dit vorm deel van die karakterisering. Skrywers gebruik meestal name om 'n karakter te beskryf (Lefevere 1992:39). Die naam dra dikwels by tot die hele versinnebeelding van 'n karakter en met die vertaling van eiename wat steun op assosiasies (waarby agtergrondkennis van die bronkultuur soms

betrek word) deur die vertaler in die doeltaal herskep word. So kan 'n vertaler met eiename bydra tot die geloofwaardigheid van 'n karakter – of andersyds afbreuk doen daaraan.

Soos vroeër genoem (par. 2.5), waarsku Stolt (1978:136) dat 'n vertaler verwarring kan veroorsaak deur byvoorbeeld 'n naam te kies wat glad nie inskakel by die name van die ander karakters nie, of om 'n mengelmoes van name uit verskillende kulture of tale te gebruik. 'n Vertaler moet deurgaans die leeservaring vir die doeltaalleser so interessant en aangrypend moontlik maak, sonder om van die betekenis, wat gekoppel is aan die eiename, in te boet.

In die vertaling van die Harry Potter boeke, het die vertaler Janie Oosthuysen wel gebruik gemaak van verskillende vertaalstrategieë en is daar wel aanspraak gemaak op verskillende kulture vir die vertaling van eiename by. Millicent Bulstrode wat vertaal word as *Margaret Bukani*. Sy doen juis waarteen Stolt waarsku – deur persoonseiname te gebruik wat hoegenaamd nie inpas by die res van die name nie asook 'n mengelmoes van name. Vervolgens gaan daar van naderby gekyk word na die verskillende vertaalstrategieë wat toegepas is om sodoende te bepaal of daar moontlik 'n rede was vir hierdie betrokke vertaalhandeling in die Afrikaanse vertaling van Harry Potter.

## **3.4 Persoonseiname in *Harry Potter en die Towenaar se Steen***

### **3.4.1 Eiename persentasiegewys**

Die meerderheid van die eiename is onveranderd behou in die doelteks. 'n Kwantitatiewe berekening dui daarop dat die totale aantal eiename in die eerste boek – *Harry Potter en die Towenaar se Steen*, altesaam 175 persoonseiname is. Honderd-en-nege (109) van die 175 persoonseiname is behou uit die bronteks, wat dui op 62% van die totale aantal


einame. Die res, nl. 38% van die persoonseiname in die teks is vertaal aan die hand van onderskeie vertaalstrategieë.

### 3.4.2 Vertaalstrategieë in Harry Potter

In hierdie ondersoek na die einame in die twee Harry Potter boeke, is bevind dat die vertaling van die persoonseiname op hoofsaaklik vier verskillende maniere hanteer is.

Hierdie vier maniere sluit die volgende in:

1. Die bronteksnaam word behou in die doeltteks
2. Die bronteksnaam word genaturaliseer in die doeltteks
3. Die bronteksnaam word vervang met 'n doeltteksnaam wat foneties of semanties soortgelyk is
4. Die bronteksnaam word vervang met 'n naam in die doeltteks wat geen verband toon met die bronteks nie



#### 3.4.2.1 Behoud van die bronteks-persoonseinaam

Soos reeds vermeld is, is 62% van die persoonseiname in die eerste Harry Potter boek onveranderd uit die bronteks in die doeltteks oorgedra. Chesterman verwys hierna as 'n *loan* ('n leenproses):

“this strategy covers both borrowing of individual items and the borrowing of syntagma. This strategy refers to a deliberate choice, not the unconscious influence of undesired interference”

(1997:94)

Dit impliseer ook “transference” (verplasing) of “direct transfer” (direkte oordrag) (Chesterman, 1997:94). Hierdie strategie behou die eksotiese gevoel van die bronteks en dra dus by tot 'n doeltteks wat vervreem is (foreignised) is. Die

operasionele norm (Sien Toury, par. 2.2.3.1) wat die vertaler bv. genoop het om Harry Potter te behou, is waarskynlik bepaal deur die feit dat Harry Potter gesien kan word as 'n universele karakter wat in alle kulture bekend sal wees. Dit word verder bespreek in hoofstuk 4.

Name wat dieselfde gebly het in Harry Potter is onder andere:

- Harry Potter
- Ron Weasley
- Hagrid
- Professor McGonagall
- Brockelhurst
- Dudley Dursley
- Draco Malfoy
- Petunia Dursley

(Vir verdere voorbeelde, sien bylaes A en B)



### 3.4.2.2 Naturalisasie

Vir Nida berus naturalisasie op 'n direkte oordragsproses (transfer) (Molina & Albir, 2002:509), en dit behels die aanpassing van die brontekselemente volgens die fonetiese en morfologiese norme van die doeltaal. Die naturalisasie van 'n bronteksnaam is 'n baie algemene praktyk en gaan primêr daarvoor om die spelkonvensies en uitspraakkonvensies van die doeltaal te implementeer en daarby aan te pas.

Chesterman verwys na hierdie tegniek as "kulturele filtering" (1997:107). Dit gaan daarvoor dat inligting geselekteer word in die doelteks – inligting wat beheer word deur die vertaler se kennis van die doelteksleser. Dit beskryf die wyse waarop bronteksitems, veral kultuurspesifieke items vertaal word as doeltaalkulturele of

funksionele ekwivalente om sodoende aan te pas by die doeltaalnorme (Rodrigues, 2003:7).

Voorbeelde van persoonseiname wat genaturaliseer is, is:

- **Adrian > Adriaan:** In hierdie geval is die enkel vokaal (a) verdubbel om die tipies Afrikaanse naam "Adriaan" te word.
  
- **Voldemort > Woldemort:** 'n Fonetiese aanpassing word hier gemaak. Die [v] klank in Afrikaans word verteenwoordig deur die letter (w) in Afrikaans. Dus bly die naam foneties dieselfde, maar die eerste letter van die woord word aangepas om wel 'n eenderse klank te bewerkstellig as in die Engelse eienaam.
  
- **Diggie > Diggel:** In hierdie voorbeeld is die eienaam aangepas om in te pas by die Afrikaanse spelkonvensies. Die "-le" uitgang by 'n woord het nie dieselfde klank as in die Engels nie. Om dus dieselfde klank te genereer in in die woorduitgang, word dit verander na "el" – wat tipies is in Afrikaans.
  
- **Dumbledore > Dompeldorius:** Met Dompeldorius is die hele naam totaal aangepas en verafrikaans. Die naam sou klankgewys aangepas kon word as "Dampeldor", maar deur die "-dorius" suffiks klink die persoon heelwat geleerder as gevolg van die verafrikaanste Latyn.

Hierdie voorbeelde is maar enkele persoonseiname wat genaturaliseer is. Daar is dus vele maniere om te naturaliseer sodat dit vir die doeltaalleser bekender is en sodat dit kan inpas in die doeltaal – hetsy volgens die spelkonvensies of die uitspraakkonvensies. Vir verdere voorbeelde, sien bylaes A en B.



### 3.4.2.3 Vervanging met 'n soortgelyke naam

In hierdie geval word die bronteksnaam vervang met 'n naam in die doeltaal wat dikwels semanties verwant is aan mekaar. Dit behels dat die name dieselfde betekenis oordra en sodoende gaan daar niks van die oorspronklike betekenis verlore nie. Voorbeelde hiervan sluit die volgende in:

- **(Sirius) Black > (Sirius) Swardt:** Die voornaam het in hierdie geval dieselfde gebly, nl. Sirius, terwyl die van vervang is met 'n Afrikaanse ekwivalent wat presies dieselfde betekenis oordra. Die vertaling van "black" in Afrikaans is die kleur "swart". na Swardt, want Swart sou net so goed as van gewerk het.
- **Flitwhick > Flickerpit:** Met hierdie persoonseinaam is die klank sowel as die betekenis van 'n vinnige flikkerende beweging baie goed behou in die Afrikaanse vertaling. Mens verwag dat dit 'flikker' gaan wees, maar dan verras die vertaler deur dit steeds ietwat Engels te hou aangesien die "-ck-" kombinasie nie 'n tipiese Afrikaanse klankkombinasie is nie. Sy behou dus die semantiese konnotasie (betekenis) maar doen dit op 'n wyse wat 'n stukkie van die vreemde behou.
- **Sprout > Spruit:** Hierdie is 'n direkte vertaling van die woord "sprout" in Afrikaans as "spruit". Hier gaan daar dus geen betekenis verlore nie.
- **Snape > Snerp:** In hierdie geval is daar baie van die persoon se karaktereenskappe opgesluit in sy naam en dit word uitstekend vasgevang in die Afrikaanse vertaling. Snape is 'n baie snedige, kil karakter. Sy naam in die bronteks het 'n baie spesifieke betekenis – "to snape someone means to rebuke or hurt them" ([www.theninemuses.net/hp/](http://www.theninemuses.net/hp/)). In die Afrikaanse vertaling as "Snerp" vind ons dieselfde semantiese ooreenkomste. Die woord "snerp" dra die betekenis van snerpende koue, iets wat koud en kil en amper soos 'n lem is – dit sny, maak seer en

rig skade aan. Dit omvat die betekenis en die karaktereienskappe van die karakter in die boek.

In sommige gevalle is die persoonseiname ook vervang met soortgelyke name – maar in hierdie gevalle neig dit meer na 'n calque (leenvertaling) waar die brontekstitem verafrikaans is deur dit direk te vertaal. Voorbeelde hiervan is die volgende:

- **Griphook > Greephaak:** In hierdie geval is elke afsonderlike deeltjie van die woord direk vertaal: grip = greep, hook = haak en dan is daar van hierdie twee afsonderlike direkte vertalings 'n woord in Afrikaans geskep wat ooreenstem met die Engelse woord.
- **Uric the Odball > Uric die Koddige:** Hier is die eerste gedeelte uit die bronteks behou nl. Uric. Die res van die eienaam is letterlik vertaal: die = the, terwyl die eerste gedeelte van "odball" wat in Engels afkomstig is van 'odd' letterlik vertaal as "koddig". Die "ball" gedeelte van die brontekseienaam word nie behou nie, maar die betekenis word onversteurd oorgedra in die Afrikaanse vertaling. Dit is nie 'n volledige leenvertaling nie.  
(Vir verdere voorbeelde, sien bylaes A en B)

#### 3.4.2.4 Vervanging met 'n vreemde naam

In sommige gevalle is daar geen ooreenkoms tussen die bronteksnaam en die doelteksnaam nie. In hierdie geval is die bronteksnaam vervang met 'n doelteksnaam wat hoegenaamd nie verband hou met die bronteksnaam nie en in hierdie geval blyk die vertaling ongemotiveerd te wees. Voorbeelde hiervan is die volgende:

- 
- **Sally-Anne > Wolfgang:** Hierdie vertaling is baie kontroversieel aangesien die vertaler sonder enige rede of motivering die geslag van die karakter verander. Terwyl Sally-Anne 'n meisienaam (vrouenaam) is en daarby ook 'n Engelse naam is – is Wolfgang 'n Duitse seunsnaam (mansnaam). Dit is dus heeltemal anders as die bronteksnaam en daar blyk rede te wees vir hierdie vertaling nie. Dit is baie belangrik vir die karakterisering in sover dit die karakter, wat 'n vrou/meisie is met al die inherente eienskappe wat gekoppel word aan vrouwees, stroop hiervan om haar 'n man/seun te maak met alle eienskappe wat inherent gekoppel word aan 'n man/seun. Die karakterisering verander dus heeltemal.
  - **Harold > Hendrik:** Die enigste ooreenkoms tussen hierdie twee name is die beginletter. Verder is daar geen ooreenkoms nie en is die een 'n Engelse naam terwyl die ander 'n algemene Afrikaanse eienaam is. Die rede vir hierdie besluit kon dus bloot gelê het in die feit dat Hendrik 'n meer Afrikaanse eienaam is en dat hierdie persoonseiname nie 'n baie beduidende rol speel in die boeke nie – dis bloot deel van die rits name wat mnr. Dursley aframmel as hy nie Harry se naam kan onthou nie. Dus het dit geen verdere rol in die boek nie en is die keuse vir 'n vertaalekwivalent nie so belangrik geag nie.
  - In die geval van **McGuffin > Meyer, Bones > Beyers, Pucey > Pienaar, Gordon > Gerrit, MacDougal > Makabeni** en **Boot > Bouwer** is daar geen oënskynlike ooreenkoms nie en die enigste gemene deler tussen die betrokke bronteksnaam en doelteksnaam is die ooreenstemmende beginletters van die woorde. In die geval van **Morag > Sam**, is daar nie eens hierdie ooreenkoms nie en is die ooreenkoms en keuse van vertaalekwivalent totaal onduidelik. So ook in die geval van **Lavender > Hildegard**, waar 'n vertaling soos **Magrietjie** selfs meer toepaslik wees aangesien dit dan die gemene deler van 'blomsoort' sou gehad het.
-

(Vir verdere voorbeelde, sien bylaes A en B).

### 3.5 Harry Potter en die Orde van die Feniks: 'n

#### Vergelyking tussen Harry Potter I en Harry Potter V

Die vertaalstrategieë wat in Harry Potter I toegepas is, word ook in HP V toegepas, met die enigste duidelike verskil, dat die vertaler in die laaste boek, baie meer einame onvertaal gelaat het (201 uit totaal van 289 persoonseiname) (Sien bylaag B). Tweehonderd-en-een (201) van die persoonseiname in HP V is dieselfde as in die bronteks, wat moontlik daarop kan dui dat die vertaler mettertyd besef het dat haar inkonsekwente hantering problematies is.

Tog is dieselfde inkonsekwentheid steeds teenwoordig – net in 'n mindere mate. Sommige name word, soos in HP I bloot genaturaliseer, bv. **Anthony** > **Antonie**, waar Antonie 'n verafrikaanste weergawe is van die Engelse vorm, met die -ie uitgang wat baie meer bekend en Afrikaans is as die -y uitgang en die 't' wat die Engelse 'th' klank vervang.

Dan is daar weer gevalle waar die bronteksnaam vervang word met 'n doelteksnaam wat hoegenaamd geen verband het met die oorspronklike nie, bv. **Agnes** > **Emma**. In hierdie geval stem die beginletter nie eens ooreen nie en is daar geen logiese verband wat tussen die twee name gelê kan word nie.

Te midde van hierdie inkonsekwentheid, is daar ook ander aspekte van die vertaling wat steurend is in HP V. Die vertaler het meestal die einame wat sy in boek een vertaal het, weer vertaal en die wat nie vertaal is nie – weer onvertaal gelaat. Maar dan is daar enkele gevalle waar die persoonseinaam in die eerste boek wel vertaal is, hetsy deur

naturalisasie of deur vervanging, terwyl dit dan in boek vyf onvertaal gelaat is.

Voorbeelde hiervan is:

- **Millicent Bulstrode** > **Margaret Bukani** (Harry Potter I)

**Millicent Bulstrode** ( Harry Potter V)

- **Bane** > **Belladonna** (Harry Potter I)

**Bane** (Harry Potter V)

- **Bones** > **Beyers** (Harry Potter I)

**Bones** (Harry Potter V)

Nog 'n interessante aspek wat 'n vraagteken plaas agter die vertaling as sodanig is die naam **Padma Patil** wat in boek een onvertaal gelaat word, terwyl dit in boek vyf aangepas word na – **Padma Patel**. Daar blyk geen noemenswaardige rede vir hierdie aanpassing te wees nie en alhoewel dit nie die leeservaring as sodanig beïnvloed nie – getuig dit van 'n swak vertaalstrategie aangesien dit nie konsekwent is vanaf die eerste boek tot die laaste nie.



Dit wil voorkom asof die vertaler nie net onomwonde vertaalde persoonseiname onvertaal gelaat het in die laaste boek nie, maar ook ongeoorloofde veranderinge aangebring het in die doeltteks. Buiten die bogenoemde gevalle, is daar op bl. 158 van die bronteks die naam **Gideon Prewett** wat in die doeltteks die eerste keer vertaal word as **George Prewett** (bl. 154) en 'n paar paragrawe verder op bl. 155 as **Gideon Prewett** – terwyl dit in albei gevalle in die bronteks na Gideon Prewett verwys.

Op bl. 640 van die bronteks, word daar verwys na **Pierre Bonnacord**, terwyl die doeltteks slegs verwys na **Bonnacord** (bl. 527) en glad nie 'n voornaam gegee word nie.

Bogenoemde is enkele gevalle waar die vertaler se inkonsekwentheid tot op die spits gedryf word en in die laaste geval, waar die voornaam uitgelaat word, word die leser

berooft van die 'n totale ervaring van die leeswêreld aangesien dit inligting is wat bloot uitgelaat word. Dit wil dus voorkom asof die vertaler nie 'n konkrete vertaalstrategie het in haar vertaling nie en dat hierdie inkonsekwentheid sy tol begin eis namate die reeks vorder. Indien sy haar ongestruktureerde metode van vertaling suksesvol wou deurvoer, sou sy duidelik 'n register of lys moes hou van die persoonseiename en die betrokke vertaalekwivalent om sodoende te verseker dat die onderskeie karakters immers dieselfde naam deur die hele reeks behou.

### **3.6 Kwantitatief deur 'n kwalitatiewe bril:**

#### **Wat is die impak van die inkonsekwente gebruik van vertaalstrategieë?**

In par. 2.4.4.3 noem Chesterman (1997:88) dat vertaalstrategieë meme is aangesien dit algemeen deur vertalers gebruik word en verken word as konseptuele 'gereedskap' vir vertaling. Hy meen dat strategieë wyses is deur middel waarvan vertalers poog om in te val by die norme wat in werking is in die doeltaalkultuur.

Uit die bogenoemde blyk dit dat die vertaler gebruik gemaak het van verskillende vertaalstrategieë en dus van meme. Vir die spesifieke fokus van hierdie studie wil dit voorkom asof die supermeme (sien par. 2.3.1) wat in werking getree het met die Afrikaanse vertaling, bron-doel-supermeme is (in sommige gevalle is daar heeltemal afgewyk van die bronteks om die doeltaalleser en doeltkultuur te verteenwoordig), sowel as die ekwivalensie-supermeem (waar daar nie afgewyk is van die bronteks nie en die eiename in die doeltteks ekwivalent is aan die brontekseiename).

Dit wil ook voorkom asof die professionele norme (sien par. 2.3.2) hier geld, aangesien dit 'n stel norme is wat daargestel is deur die vertaler as outoriteit. Oosthuysen sou hierdie norme daarstel uit haar vooropgestelde konsep van wat die doeltekslesers se verwagtingsnorme is (sien par. 2.3.2). Sy is onderhewig aan die verantwoordelikhednorm aangesien dit haar plig is om te verseker dat die kommunikasie suksesvol is en die onderhoud van 'n verwantskap van relevante eendersheid tussen die bronteks en die doelteks (sien par. 2.3.2).

Ten spyte hiervan blyk daar groot inkonsekwentheid in die toepassing van meme te wees en laat dit 'n mens wonder of Oosthuysen die verwagtingsnorme van haar doeltekslesers vervul en of sy dit moontlik opsy skuif om voorkeur te gee aan haar spesifieke voorkeure.


In hoofstuk 3 is die einame in hoofsaaklik Harry Potter I getel om persentasiegewys te bepaal hoeveel van die einame vertaal is en hoeveel onvertaal gebly het. Alhoewel daar hoofsaaklik na persoonseiname gekyk word, is dit duidelik dat einame as sodanig 'n baie belangrike rol speel in hierdie reeks boeke. Dit veranker as't ware die fiksie in die werklikheid en maak die storie iets waarmee lesers kan assosieer en sodoende deel word van die fiktiewe wêreld.

Plekname en kosname is bv. ook baie belangrike elemente wat 'n storie veranker aan die werklikheid aangesien dit dadelik aanspraak maak op die leser se leefwêreld wanneer dit verwys na items en plekke wat vir die leser bekend is. Indien al hierdie betrokke einame betrek sou word, sou die belangrike rol wat name speel in 'n fiktiewe situasie in vergelyking met die res van die leksikale items in die boek selfs nog hoër wees.

Ten spyte van die afgebakende gedeelte van einame vir hierdie betrokke studie blyk dit tog dat die vertaling en die inkonsekwente vertaling daarvan in die Afrikaanse boeke baie steurend inwerk op die leeservaring van die doelteksleser en dit beroof die leser tot 'n

mate van die tekswêreld aangesien dit die leser verwar en onsamehangend laat rondhang tussen 'n Suid-Afrikaanse en 'n minder bekende Britse kultuur en milieu.

In die volgende hoofstuk gaan daar ondersoek ingestel word na die kwaliteit van en die rasionaal agter die verskillende vertaalstrategieë om die impak daarvan op die boek as geheel en op die leeservaring van die doeltaallezer te bepaal.





## Hoofstuk 4:

# Kritiese Analise

### 4.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstuk, blyk dat daar verskillende strategieë toegepas is in die vertaling van die persoonseiname in Harry Potter en die Towenaar se Steen (Oosthuysen, 2000). Dit blyk verder dat hierdie inkonsekwente toepassing ook gevolg is in die laaste boek wat tot nog toe in die reeks verskyn het nl. Harry Potter en die Orde van die Feniks (Oosthuysen, 2003). Hierdie vertaalstrategieë is steurend aangesien dit nie konsekwent toegepas is nie en daarom die leser moontlik van die BT sowel as van die DT kan vervreem.

As eienskappe en eenhede wat deel uitmaak van 'n betrokke kultuur, is eiename baie belangrik in enige vertelsituasie. Dit kan dien as 'n vervreemdingselement of as 'n element wat die tekswêreld vir die leser toeganklik maak. In die vertaalde weergawe van *Harry Potter*, is die poging om soms te domestikeer nie baie suksesvol nie, aangesien dit inkonsekwent toegepas is en dus meer vervreemding veroorsaak. In die hieropvolgende gedeelte gaan daar baie spesifiek gekyk word na wat die effek van hierdie inkonsekwente vertaalstrategie op die boek as geheel is en hoe dit die kulturele kommunikasie beïnvloed aangesien eiename so 'n groot komponent is wat verteenwoordigend is van kultuur as sodanig.

---

## 4.2 Inkonsekwente toepassing van vertaalstrategieë

Volgens Lefevere is die eerste stap in die analise van 'n vertaling 'n negatiewe een: ontleders moet die impuls onderdruk om enige afwyking van die bronteks as 'n fout te bestempel (1992:109). Hulle moet eerder probeer vasstel of die afwykings 'n patroon volg. Hy meen dat geïsoleerde afwykings foute is; afwykings wat 'n patroon volg, dui op 'n vertaalstrategie vir die teks as geheel. Soos reeds genoem, is dit reeds die doel van hierdie tesis om te bepaal of daar wel 'n moontlike onderliggende patroon is aan die vertaler se vertaling van die persoonseiname wat op die oog af baie inkonsekwent is.

Volgens Klingberg (1986:43) is dit feitlik vanselfsprekend dat persoonseiname met geen spesiale betekenis wat die leser moet verstaan of wat iets van die tekswêreld aan die leser moet openbaar, nie verander moet word wanneer 'n vreemde kultuur deur 'n vertaling voorgestel word nie – met ander woorde wanneer 'n vertaler *vervreem* (*foreignise*). Die sleutelkonsep in hierdie geval is “vreemde kultuur”. Die vraag ontstaan egter hoe vreemd hierdie kultuur is aan die doelkultuur en tot watter mate daar kulturele aanpassings gemaak moet word om die tekswêreld en die BT vir die doeltaallesers toeganklik te maak.

Dit word bepaal deur die skopos van die doelteks – die funksie van die doelteks, soos bespreek in paragraaf 2.7. Indien die skopos, of die vertaalopdrag was om Harry Potter aan te pas vir die Suid-Afrikaanse leser in die Suid-Afrikaanse konteks deur dit te domestikeer, sou die kultuur en spesifiek tot hierdie studie – die persoonseiname konsekwent daarvolgens aangepas moes word. Dit sou behels dat daar Afrikaanse (Suid-Afrikaanse), Engelse en/of ander inheemse Suid-Afrikaanse name (bv. Zulu, Xhosa, Sotho, Tswana, ens.) gebruik kon word om die Suid-Afrikaanse kultuur voor te hou. Volgens Oosthuysen se gebruik van einame, blyk dit soms dat sy presies dit doen, bv. *Bukani* en *Makabeni* (wat eie is aan 'n Afrikataal). Maar hierdie tendens word nie

deurgaans gevolg nie en die inkonsekwentheid van haar vertaling is deurgaans steurend, ten spyte van haar poging om te domestikeer.

Indien die skopos aan die ander kant bepaal het dat die oorspronklike Britse kultuur behou moes word om sodoende die vreemde kultuur aan die leser voor te lê, met ander woorde te vervreem. In hierdie geval sou die oorspronklike kulturgebonde elemente, soos bv. alle eiename behou word in die vertaalde weergawe.

Aangesien nie een van die bogenoemde scenario's die geval is in die vertalings onder bespreking nie, is dit onduidelik wat die skopos van die vertaling is en wat die betrokke vertaler se intensie was, haar beplande funksie met die DT.

Die probleem is nie dat daar van verskillende vertaaltegnieke of strategieë gebruik gemaak is nie – dit is deel van 'n normale vertaalproses. Die probleem in hierdie geval is dat die vertaler se inkonsekwente gebruik van strategieë ongemotiveerd is en nie volgens 'n beplande uitkoms gestruktureerd is nie. Daar is bv. geen motivering dat een eienaam genaturaliseer word aangesien die uitspraak daarvan vreemd voorkom in die Afrikaanse kultuur en uitspraakkonvensies bv. **Adrian** > **Adriaan** terwyl **McGonagall**, wat ook nie deel is van die Afrikaanse spel-en uitspraakkonvensies nie, behoue bly in die doelteks.

Verdere ongemotiveerde inkonsekwentheid kan ook gesien word uit ander voorbeelde wat in hoofstuk 3 aangedui is. Vervolgens sal die inkonsekwente hantering van die vertaalstrategieë uitvoerig bespreek word, om kwalitatief na die gevolg van hierdie inkonsekwentheid op die boeke as geheel te kyk.

---

---

### 4.3 Kwalitatiewe oorsig: Bespreking van die vertaling van spesifieke persoonseiname

Dit blyk dat die vertaler gepoog het om te domestikeer, maar die inkonsekwentheid hierin is problematies. 'n Mens sou kon redeneer dat moeilike einame bv. foneties aangepas is om vir die doelteksleser bekender te wees, bv. **Hermione** > **Hermien**. Dit is heeltemal aanvaarbaar en dra by tot die verstaanbaarheid van die teks en die tekswêreld, maar dan wonder 'n mens waarom name soos **Pomfrey**, **Piers** en **Phyllida** behoue gebly het, aangesien dit ewe vreemd is in die doeltaalkultuur en taalkonvensies. 'n Moontlike rede hiervoor kan wees dat Hermien 'n belangrike rol vervul terwyl die ander voorbeelde in sommige gevalle eenmalig voorkom.

In die geval van Hermione Granger wat vertaal word as Hermien le Grange deur die gebruik van kulturele filtering (sien par. 3.4.2.2) is daar 'n verdere probleem wat ontstaan. Die manier waarop die naam vertaal is, negeer die betekenis wat die skrywer van die oorspronklike teks daarmee beoog het en deur aan die leser 'n gedomestikeerde naam te gee, gaan van die implisiete betekenis verlore (Rodrigues, 2003:5).

Alhoewel die doelteks 'n appellatiewe funksie skep deur 'n welbekende Afrikaanse naam te gebruik in die vertaling, verloor dit 'n dieper betekenis wat opgesluit is in die bronteksnaam. Nord (1997) meen dat die appellatiewe funksie vir die ontvanger as 'n verwysingspunt dien en dit verwys na 'n situasie waar die senders en die ontvanger dieselfde ervaring, sensitiwiteit en kennis, kulturele kennis, emosies, waardes, ens. deel.

Volgens *What's in a name* (2004) is *Hermione* 'n naam wat vir verskeie formidabele vroue in die geskiedenis gebruik is. J.K. Rowling vernoem egter hierdie hoofkarakter na 'n karakter in Shakespeare se tragedie *The Winter's Tale*. In hierdie tragedie is Hermione

---

die koningin wat vervolgd word. 'n Standbeeld van haar word lewendig en vergewe haar man en omhels haar dogter, Perdita. In *Farenheit 451* is daar 'n karakter met die naam Granger wat 'n fotografiese brein het en dit slegs gebruik om boeke te memoriseer. Granger is ook die naam van 'n karakter in 'n boek genaamd *Frindle* en verder is een van die dwergies wat vir Kersvader help om speelgoed te maak in *Rudolph the Red-nosed Reindeer* se naam "Hermie". Hy wil in hierdie storie eerder 'n tandarts wees as om speelgoed te maak, wat direk inspeel op die feit dat beide Hermione se ouers tandartse is (Rodrigues, 2003:5).

Haar naam kommunikeer dus menige van haar karaktereienskappe in die boek. Hermione is 'n intelligente jong meisie, met 'n fotografiese brein en sy het 'n baie sterk persoonlikheid. Sy tree soms byna adellik op, maar sy is ook baie vergewensgesind.

Deur haar naam dus te vertaal as Hermien le Grange – gaan die totale implisiete betekenis van haar naam verlore en word die doelteksleser sodoende beroof van bykomende inligting en van 'n gedeelte van die tekswêreld se betekenis. Hierdie implisiete inligting gaan verlore en die feit dat sy 'n vergewensgesinde persoon is met 'n fotografiese brein bly dus tot 'n mate onbekend.

'n Verdere geval waar dieselfde tipe inkonsekwentheid as bogenoemde voorkom, is in die hantering van die name *McGonagall* en *McGuffin*. Soos vroeër genoem word McGonagall net so behou in die doelteks, terwyl McGuffin vertaal word as *Meyer*. Hierdie hantering blyk totaal ongemotiveerd te wees in sover dit albei name is wat nie deel uitmaak van die Afrikaanse spelreëls of spelkonvensies nie, maar aangesien professor McGonagall 'n hoofkarakter is (McGuffin nie), sou mens kon aanvoer dat hierdie naam so behoue kon bly in die doelteks. Dit is in skerp kontras met die feit dat Hermione Granger, wat ook 'n hoofkarakter is, se naam wel vertaal word.

---

Nog 'n voorbeeld van hierdie inkonsekwentheid kan duidelik gesien word wanneer mnr. Dursley 'n hele rits name opnoem in 'n poging om Harry se naam te onthou. In die bronteks is die name *Harry*, *Harvey* en *Harold* terwyl dit in die doelteks weergegee word as: *Harry*, *Hendrik* en *Harvey*. Eerstens is die volgorde in die doelteks anders as in die bronteks – *Harvey* word laaste genoem in die DT terwyl dit tweede in die rits name is in die bronteks. Dit is alreeds 'n sinnelose verandering wat ongemotiveerd is. Dit veroorsaak verwarring in terme van watter bronteksnaam vervang word deur *Hendrik*. Dit is ook onduidelik waarom daar vir Harold 'n totaal verskillende persoonseinaam gegee word, terwyl Harvey, wat ook nie 'n Afrikaanse naam is nie, in die doelteks behou word.

Net so word die naam *Flitwhick* aangepas na Flickerpit, maar die spelling van Flickerpit is hoegenaamd nie volgens die Afrikaanse spelkonvensies nie. Indien dit volkome aangepas is om by die spelkonvensies aan te pas, sou dit as Flikkerpit vertaal geword het om die betekenis (semantiese ooreenkoms) met Flitwhick te behou, maar ook om dit volkome te domestikeer. In hierdie geval is daar dus 'n poging aangewend om dit kultureel en spellinggewys aan te pas vir die Afrikaanse doeltaalleser, maar dit wil voorkom asof dit sonder 'n plan en doel gebeur het, 'n halfhartige poging sonder om werklik daaroor na te dink en dit volkome te domestikeer. (Sien ook par. 3.4.2).

Dieselfde geld vir die vertaling van *Bane* na Belladonna. *Bane* is afkomstig van die Anglo Salisiese 'bana', wat 'moordenaar' beteken. Uit hierdie stamwoord, is dit duidelik om te af te lei dat ander vorme soos bv. *ratsbane* en *henbane* (2004) verwys na dodelike gistowwe en dat semantiese attribute van giftig of gevaarlik toegevoeg kan word tot *Bane* en tot die karakterisering van die karakter. Die vertaler het hier die naam *Belladonna* (*Italiaans vir 'mooi vrou'*) gekies as vertaling, waarvan niks van die bogenoemde geïmpliseerde betekenis opgesluit is nie, terwyl die Afrikaanse ekwivalente

---

vir *bane* volgens die Groot Woordeboek die volgende is: "vergif, verderf, pes, ondergang" (Eksteen, 1997:775).

Dit is duidelik uit die bogenoemde twee voorbeelde dat die vertaler nie werklik volgens 'n bepaalde strategie of plan vertaal het nie. Indien sy gepoog het om die betekenis van die name en die gepaardgaande implisiete karakterisering te behou – sou sy veral Hermione Granger se naam onvertaal gelos het en 'n semanties ekwivalente vertaling gegee het vir *Bane*. Haar poging om hier te domestikeer het die betekenis van die karakters en die karakterisering verander.

Die inkonsekwente gebruik en toepassing van vertaalstrategieë kom dan weer duidelik na vore wanneer daar in teenstelling met die bogenoemde voorbeelde, weer baie kreatiewe vertalings vir sommige eiename verskaf word, waar die betekenis nie verlore gaan nie. In die geval waar *Nott* na Niemand – kom die geïmpliseerde betekenis van die karakter se naam steeds na vore en gaan daar geensins van die betekenis verlore nie. Nog so 'n voorbeeld is die vertaling van *Snape* na Snerp. Dit dra dieselfde tipe karaktereienskappe oor as die brontekstnaam en die doelteksleser kan steeds meer inligting implisiet onttrek uit die persoonseinaam (sien ook par. 3.4.2.3).

Alhoewel die vertaler 'n pluimpie kan ontvang vir haar kreatiwiteit in die bogenoemde, dra dit steeds by tot die verwarrende inkonsekwentheid in die vertaling van die einame en hierdie planlose vertaling wat deurgaans sigbaar is, versteur die tekswêreld vir die DT-leser.

In sommige gevalle het die vertaler gebruik gemaak van leenvertaling (*calque*) waar daar direk vertaal is vanaf die bronteks, wat ook die betekenis van die naam en die karaktereienskappe of beskrywingsfunksie van die naam behou, bv:


- Nearly Headless Nick > Nick-amper-sonder-kop
-

- Uric the Oddball > Uric die Koddige
- Fat Friar > Vet Monnik

(Sien par. 3.4.2.3)

Alhoewel dit steeds bydra tot die inkonsekwentheid, is hierdie name nie problematies nie en is die poging om dit vir die doelteksleser toeganklik te maak, wel suksesvol en niks van die inhoud van die bronteks gaan verlore nie.

Ten spyte van hierdie enkele ligpunte in die vertaling van die einame, is daar enkele ander gevalle wat die wenkbroue laat lig. Die vertaler besluit onomwonde om die geslag van 'n karakter te verander in die vertaling van die persoonseinaam. *Sally-Ann* (Rowling, 1997:90) word sonder enige rede of motivering verander na 'n manlike *Wolfgang* (Oosthuysen, 1997:80) in die doelteks<sup>1</sup>. Dit kan moontlik later groot probleme oplewer vir die vertaler indien die skrywer van die BT besluit om vir Sally-Ann 'n meer prominente rol te gee in haar boeke of indien die geslag spesifiek van hierdie karakter 'n groot rol sou speel (sien par. 3.4.2.4).



Dit is in so 'n geval, nie in die hande van die vertaler om 'n ongemotiveerde geslagsverandering teweeg te bring deur middel van 'n naamsverandering nie – aangesien sy nie die outeur is van die oorspronklike teks nie en nie verder kan beheer hoe hierdie karakter verteenwoordig gaan word of wat die rol van hierdie karakter later gaan wees nie. Dit is veral problematies in die geval van Harry Potter, waar die reeks nie reeds voltooi is nie.

'n Verdere voorbeeld soos genoem in hoofstuk 3, waar die persoonseiname vervang word deur 'n totaal verskillende naam dui ook op die inkonsekwente toepassing van die

---

<sup>1</sup> Op 'n vraag by 'n slypskool wat aangebied is deur Jani Oosthuysen – vertaler van Harry Potter, oor die rede waarom sy die geslag van hierdie karakter verander het en wat sy sou doen indien daar op 'n later stadium groot klem gelê sou word op Sally-Ann in JK Rowling se boeke – het sy geantwoord dat sy nie werklik daaraan gedink het nie. Wolfgang was net vir haar 'n mooi naam om te gebruik.



vertaalstrategieë. Alhoewel die vertaling van *Millicent Bulstrode* na *Margeret Bukani* dui op 'n duidelike poging tot domestikering, sou dit slegs volkome suksesvol gewees het indien dit konsekwent toegepas is.

#### 4.4 Impak van inkonsekwentheid op die geheel

Soos vroeër genoem, is dit nie die gebruik van verskillende vertaalstrategieë as sodanig wat problematies is nie – maar wel die feit dat daar geen konstruktiewe stelsel in plek is in die toepassing daarvan nie. Die klem in hierdie opsig val weer op Lefevere se woorde (par. 4.2) dat daar vasgestel moet word of die afwykings 'n patroon volg en dat geïsoleerde afwykings foute is, maar dat afwykings wat 'n patroon volg, dui op 'n vertaalstrategie vir die teks as geheel.

Die kruks van die saak is dat lesers nie verwar wil word nie. Die doeltekswêreld moet geloofwaardig wees en dit moet die semantiese geskakeerdheid van die bronteks behou om sodoende te verseker dat daar nie van die karakterisering verlore gaan nie en ook om te verseker dat daar geen implisiete betekenis verlore nie.

Die vertaler moet voldoende navorsing doen en moet daar moet 'n gemotiveerde beweegrede wees agter die vertaling of nievertaling van elke aspek in 'n boek. Geen gedeelte kan bloot gelaat of vertaal word op grond van instink nie. Dit laat net ruimte vir 'n doellose inkonsekwentheid wat die doelteksleser beroof van 'n volkome leeservaring.

Met 'n gemotiveerde vertaalplan bly die vertaler lojaal aan die doelteksleser en toon sy/hy respek vir die bronteks en bronteksouteur. Dit is daarom baie belangrik dat die regte van die bronteksouteur en die van die doeltekslesers (in hierdie geval die kinders), nie in konflik is nie. Daarom moet vertalers altyd poog om lojaal aan die outeur te bly

---

deur bedag te wees op die behoeftes van die doeltekslesers. Hierdie tipe lojaliteit impliseer, volgens Oittinene (2000:84):

“..respect for more than a text in words, or a certain form or content. It entails respect for the entire story-telling situation where a text is interpreted *for* new readers, who take, accept and reject, react and respond to the story as it is.”

Alhoewel die vertaler dus nie die sender is van die bronteksboodskap nie, het hy/sy 'n verpligting teenoor die doelteksleser in die doeltaalkultuur om op 'n suksesvolle manier die bronteks se kultuurkommunikasie te kommunikeer. In hierdie geval sou 'n mens kon sê dat die vertaler lojaler kon wees teenoor die doelteksleser indien sy die einame en kulturele gegewe behou het in die doelteks of deur bloot konsekwent te gewees het in die strategieë wat sy wel geïmplementeer het.

Daar is reeds drie films gemaak van die Harry Potter boeke en juis daarom is dit meer vervreemdend vir die doelteksleser indien die kulturele gegewe inkonsekwent aangepas word. Die karakters in Harry Potter het huishoudelike name geword en dit vorm uiteindelik deel van die kommunikatiewe sukses van die doelteks.

By die FIT konferensie vir *Harry Potter* vertalers, einde verlede jaar in Parys, is daar bespiegel oor die vertaling van einame in die HP boeke. Vertalers van regoor die wêreld het daar byeengekom en hulle probleme in hierdie opsig gedeel. By hierdie geleentheid het vertalers luidkeels teenkating getoon vir Warner Brothers se verklaring dat:

“einame...handelsmerke geword het wat nie meer verander of vertaal mag word nie”  
(Oosthuysen, 2004:72).

Hierdie uitspraak het menige vertaler in die knyp en kan verreikende gevolge hê. Tog kan 'n mens net wonder of dit nie tot 'n groot mate vertaalprobleme sou uitkakel indien hierdie 'reël' vroeër ingestel is nie. Dit kon moontlik bygedra het tot 'n groter mate van kommunikatiewe sukses van menige doeltekste.

---

## 4.5 Kulturele implikasie van hantering van einame in die Afrikaanse vertaling van Harry Potter

Soos blyk uit par. 3.3 word einame genoem as een van die belangrike elemente wat kultuur aantoon. Die inkonsekwente vertaling van einame het dus direk 'n impak op die kulturele identiteit van die boek as geheel en verder op die reeks aangesien hierdie inkonsekwenheid deurgaans volgehou is. Die vraag ontstaan of die doelteks en die doeltekswêreld dan binne 'n Britse konteks behou word (deur die einame wat nie vertaal is nie) en of dit verplaas word na 'n Suid-Afrikaanse konteks (deur die pogings tot domestisering). Dit is onduidelik aangesien daar 'n gedeelte van al die onderliggende kulture behou word en geen kultuur as dominerend oorkom nie. In beide die bronteks sowel as die verfilmde weergawes vind die gegewe uitsluitlik binne 'n Britse kultuur en milieu plaas.



Oosthuysen behou heelwat van die kultuurgegewe soos in die bronteks bv. die plekname soos King's Cross, Kent, Cokeworth, Little Whinging, ens. Die Afrikaanse vertaling is dus in wese steeds Brits en dra steeds die Britse kultuur oor – maar dit is juis as gevolg hiervan dat die einame wat wel vertaal is amper meer steurend is.


Hierdie inkonsekwenheid belemmer die kulturele kommunikasie. Alhoewel die verafrikaanste einame 'n appellatiewe funksie skeep (soos bespreek in par. 4.3) deur die doeltekslesers in 'n Afrikaanse gemeenskap te plaas, word daar soms aan die betekenis van die brontekswêreld ingeboet soos dit beplan is deur die bronteksouteur. Hierdeur word beide die doelteksleser en die outeur beroof van hulle aandeel in die konstruksie van betekenis in die teks (Rodrigues, 2003:4). Dit verhoog uiteindelik die vreemdheid (foreignness) van die vertaalde teks.

---

## 4.6 Ten slotte

In hierdie hoofstuk is daar gevind dat die inkonsekwente toepassing van vertaalstrategieë in Harry Potter I en V moontlik 'n negatiewe impak het op die leeservaring van die doelttekslesers en ook op die kulturele kommunikasie van die doeltteks.

Met die analise van die persoonseiname in die doeltteks het dit duidelik na vore gekom dat die vertaler wel goeie pogings aangewend het om sekere van die persoonseiname by die Suid-Afrikaanse kulturele konteks aan te pas deur middel van domestikering en hier tot 'n mate haar aan die norme van die doeltaalkultuur onderskik het. Daar is selfs enkele gevalle waar die vertaler kreatief te werk gegaan het om name te vertaal op so 'n manier dat dié wat steun op assosiasies dieselfde implisiete betekenis in die doeltaal oordra.



Dan is daar in kontras hiermee weer in ander gevalle gefaal in haar poging om te domestikeer aangesien die betekenis van die persoonseinaam totaal verlore gegaan het en die leser van die doeltteks dus nie die geleentheid gegee is om te help konstrueer aan die betekenis van die boek as geheel nie.

In die lig van die skoposteorie is dit duidelik dat die doel van die teks sowel as die gepaardgaande vertaalopdrag leiding moet gee ten opsigte van die vertaler se omvattende vertaalstrategie. Dit behels dat die vertaler met 'n deeglike analise van die BT moet besluit watter kultuur die konteks vir die geheel gaan vorm – of watter kultuur die verhaal gaan 'huisves'. Nadat hierdie besluit geneem is, behoort alle kultuurgebonde elemente dan konsekwent daarvolgens aangepas te word.

---

Dit is dus duidelik dat die vertaler in hierdie geval nie 'n duidelik uiteengesette vertaalopdrag ontvang het vir die vertaling van hierdie teks nie. 'n Goeie vertaalopdrag sou duidelik gestipuleer het of die teks in 'n Britse kulturele konteks vertaal moes word en of dit aangepas moes word vir die Suid-Afrikaanse konteks. Hierdie onderskeiding sou duidelik leiding gegee het ten opsigte van die vertaalstrategie wat die vertaler sou moes implementeer. Dit sou die vertaler gelei het in 'n besluit om óf te domestikeer óf te vervreem in haar oorkoepelende strategie in die vertaling van die reeks as geheel.




# Hoofstuk 5:

## Gevolgtrekking

### 5.1 Inleiding

In hierdie studie is daar deskriptief ondersoek ingestel na die vertaling van die persoonseiname in *Harry Potter en die Towenaar se steen* sowel as na *Harry Potter en die Orde van die Feniks*.

Toury en Chesterman se konsepte oor norme en meme in vertaling is as maatstaf en fondament gebruik om te bepaal wat die vertaler se primêre motivering is vir die metode van vertaling. Vervolgens gaan daar terugskouend kortliks na elk van die hoofstukke verwys word om uiteindelik die hoofbevindinge op te som.



### 5.2 Opsomming van voorafgaande hoofstukke

In hoofstuk 1 is daar bespiegel oor die impak wat JK Rowling se Harry Potter reeks op die hele wêreld gehad het en hoe 'n studie oor hierdie boek relevant is vir vertaling as sodanig. Aangesien dit so aktueel is, kan dit as instrument dien tot die oordrag en kommunikeer van 'n groter waarheid aangaande die vertaling van eiename.

Hoofstuk twee het die vernaamste teorie weergegee oor die vertaling van eiename en die rol wat kultuur speel in vertaling. Toury se *Descriptive Translation Studies* is voorgehou as die fondament van hierdie studie en sy norme van vertaling is in detail bespreek. Daar is voortgebou op die idee van norme, deur Chesterman se norme en

---

---

verder sy meme. Chesterman is oortuig dat teorie die fondament is van enige vertaling en meen dat 'n vertaler wat sonder 'n teorie vertaal, basies blindelings vertaal – sonder 'n missie en sonder enige visie (par. 2.3).

Daar is verder bevind dat vertaling van kulturele belang is en dat vertaling 'n sosiale rol vervul (par. 2.2.2) – een wat toegeken word deur 'n kulturele groep volgens die norme binne die betrokke kultuur se verwysingsraamwerk (Toury, 2001:198). Dit behels verder dat die vertaler doelgeoriënteerd moet vertaal sodat die DT kan voldoen aan die norme van die doeltaalkultuur en om sodoende deurlopend 'n konsekwente kulturele kommunikasie te bewerkstellig.

Die rol van die vertaler is ook in oënskou geneem. Vertaling vorm 'n brug tussen twee kulture en die twee tale wat verteenwoordig word, vorm 'n integrale deel van die twee onderskeie kulture. Die vertaler werk dus uitsluitlik met taal, maar hy/sy moet ook deurgaans in gedagte hou dat die bronteks ingebed is in die bronkultuur waarvan hy/sy konnotasies of merkers moet kan uitken. Die vertaler het dus die hef in die hand om die sukses van die kulturele kommunikasie en die realisering van die tekswêreld vir die doelteksleser te laat geskied.

Om hierdie sukses te bewerkstellig het vertalers vertaalstrategieë as gereedskap en word hulle keuse oor hoe hulle dit implementeer normaalweg bepaal deur die skopos van die doelteks of die vertaalopdrag. Vir hierdie betrokke studie is daar gefokus op die vertaling van persoonseiname en daar is bevind dat einame 'n baie belangrike funksie vervul in sover dit inligting verskaf oor die karakter se geslag, ouderdom en selfs die etnisiteit van die karakter.

---

---

Dit het gelei tot die gevolgtrekking dat indien die vertaling van die einame inmeng met die funksie van die einaam as kulturele merker, dit die doeltaallesers kan beroof van die totale narratiewe situasie.

In hoofstuk 3 is die persoonseiname in die twee onderskeie boeke getel om kwantitatief te bepaal hoeveel daarvan vertaal is en hoeveel onvertaal gelaat is. Op grond van die vertaalde einame is daar onderskei tussen vier verskillende vertaalstrategieë wat toegepas is by die vertaling van die persoonseiname. Daar is vergelykend gekyk na boek I en boek V, waarin daar bevind is dat die twee tekste groot inkonsekwentheid bevat en dat dit nie net die kulturele milieu van die boeke versteur nie, maar ook die tekswêreld aangesien dieselfde karakters soms nie eens dieselfde name in die eerste vertaalde boek en die laaste boek behou nie.


Uit hierdie kwantitatiewe gegewe het dit duidelik geword dat die vertaler baie inkonsekwent te werk gegaan het in die toepassing van die verskillende vertaalstrategieë. Hierdie gevolgtrekking het 'n kritiese analise in hoofstuk 4 tot gevolg gehad waar daar spesifiek gekyk is na die effek wat hierdie onderskeie vertaalstrategieë op die boek as geheel het en wat die kulturele implikasie is van hierdie inkonsekwentheid.

Dit het in hierdie hoofstuk baie duidelik na vore gekom dat die skopos van die doeltteks bepaal tot watter mate en op watter wyse daar vertaal moet word. Ondanks geen duidelike skopos of *brief* vir die vertaling van die Harry Potter boeke nie – het die vertaler wel 'n poging aangewend om te domestikeer in haar vertaling. Die grootste rede vir die mislukking van hierdie poging is die inkonsekwentheid waarmee sy dit gedoen het. Sommige hoofkarakters se name is wel vertaal, bv. *Hermione* > Hermien, terwyl McGonagall nie vertaal is nie. Daar is dus nie deurgaans van een bepaalde strategie gebruik gemaak nie – hetsy domestikering of te vervreemding.

---



Daar is verder ook persoonseiname wat in so 'n mate vertaal is dat dit 'n geslagsverandering teweegbring het, bv. Sally-Ann wat Wolfgang geword het, of selfs 'n rasverandering in bv. Millicent Bulstrode wat Margaret Bukani word. Dit kan verwarrend wees vir lesers aangesien daar karakters 'verdwyn' uit die bronteks, juis omdat hulle name onherkenbaar vertaal word. Hierdie verwarring word verder versterk wanneer die karakters in die laaste boek weer hulle oorspronklike bronteksnaam het, in plaas van die toegekende vertaalde naam in boek 1 (Millicent Bulstrode > Margaret Bukani > Millicent Bulstrode).

Soos genoem in hoofstuk 4, kan hierdie inkonsekwentheid die kulturele kommunikasie belemmer en sodoende die vertaling totaal van die doelteksleser vervreem. Die kern van hierdie hoofstuk is dat daar 'n groot mate van inkonsekwentheid is in die vertaling van persoonseiname en dat dit moontlik die gevolg kan wees van 'n tekort aan 'n duidelike skopos vir die doelteks. 'n Verdere verduideliking kan wees dat die vertaler nie 'n duidelike uiteengesette plan of vertaalstrategie gehad het vir die vertaling van Harry Potter nie, en dat sy voor  die voet net begin vertaal het en op grond van subjektiewe voorkeure (eerder as norme) vertaalkeuses toegepas het. Dit bring ons direk by die aanvangshipotese van hierdie studie.

### **5.3 Kernevolgtrekking: aanvaarding van hipotese**

Die vertaling van eiename as sodanig is nie problematies is nie, maar die wyse en konsekwentheid van hierdie vertaling het 'n beduidende effek op die sukses van die vertaling in geheel.

Na 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe analise van die Afrikaanse vertaling van Harry Potter, is dit duidelik dat die vertaler Janie Oosthuysen nie 'n voorafbeplande strategie

---

---

of 'n onderliggende teorie het aan haar vertaling nie. Dit is duidelik dat sy nie op grond van 'n duidelike vertaalskopos vertaal het nie, en dat sy nie werklik enige vertaalnorme toegepas het in haar vertaling nie. Indien sy wel enige van die bogenoemde maatreëls geïnkorporeer het in haar keuse vir vertaalstrategie – sou 'n mens duidelik 'n patroon kon sien in die vertaling van die persoonseiname deur boek I, met dieselfde herkenbare norme of patroon in boek V. Dit is egter nie die geval nie. Onder geen omstandighede kan daar 'n duidelike onderskeid getref word om sodoende te bepaal wat haar genoep het om sekere einame te vertaal en ander onvertaal te laat nie.

Hierdie inkonsekwentheid word op die spits gedryf deur name wat wel in boek I vertaal is, maar dan weer onvertaal gelaat is in boek V, soos bespreek in paragraaf 3.5. 'n Verdere problematiese element rakende die vertaling van einame in die geheel, is dat die vertaler poog om te domestikeer deur sommige van die persoonseiname, bv. Millicent Bulstrode wat vertaal word as Margaret Bukani (slegs in boek I), maar dat die meeste plekname bv. dieselfde bly as in die bronteks. Dit impliseer dat die verhaal op presies dieselfde plek en tyd afspeel as die oorspronklike, maar dat die karakters net ander name het. Die poging tot domestikeer, sou meer suksesvol gewees het indien sy die totaliteit van die boek insluitend die plekname, kosname en koerantname binne 'n Suid-Afrikaanse kultuur geplaas het.

Dit blyk dus duidelik uit al die bogenoemde inligting, dat die hipotese wat in hoofstuk 1 gestel is aanvaar kan word. Dit lui dat die vertaler geen konkrete teorie/vertaalstrategie as basis gebruik het nie. Dit wil voorkom asof sy eerder met voorkeure (*preferences*) as met norme (*norms*) gewerk het en dat daar geen konsekwentheid is in die mate en manier van vertaling van einame nie. Daar is geen bewys van 'n doelgerigte stelsel in die vertaling nie asook geen onderliggende norme wat aan die vertaling struktuur en duidelike rigting gee nie. Dit wil dus eerder voorkom asof die vertaler op grond van voorkeure die persoonseiname vertaal het.

---

## 5.4 Impak en relevansie op vertaling as sodanig

Na aanleiding van die bogenoemde studie, is dit duidelik dat geen vertaler kan vertaal sonder 'n duidelike skopos en *brief* vir die voorgenome vertaalopdrag nie. Die skopos van die doeltteks staan sentraal tot die keuse en toepassing van bepaalde vertaalstrategieë. Sonder 'n duidelike skopos, is die vertaler sowel as die doeltteks 'n warboel van voorkeure sonder enige spesifieke doel of funksie. Dit belemmer die leser se beleving van die tekswêreld en berooft die teks van sy oorspronklike krag.

Verder is dit ook baie belangrik om 'n bepaalde vertaalstrategie deurlopend en konsekwent toe te pas – sodat dit 'n duidelike patroon volg en die leser sodoende steeds betrokke kan wees by 'n tekswêreld wat deurgaans dieselfde kulturele kommunikasie deurvoer.

Aangesien Harry Potter baie aktueel is vir vandag – is dit uit die aard van die saak 'n teks waarmee baie vertalers sal wil assosieer en uit wil leer. Juis daarom is hierdie studie so belangrik – om op die slaggate te dui waarin menige vertaler kan trap – selfs al is dit in die vertaling van 'n kinderboek wat nie naastenby so bekend is soos die Harry Potter boeke nie. Met behulp van die aktualiteit en beroemdheid van Harry Potter kan 'n studie soos hierdie juis 'n groter impak hê op die vertaalgemeenskap.

Volgens Newmark (1981:55) is eiename een van die aspekte waaruit die kultuur afgelei kan word. Indien die eiename so inkonsekwent vertaal word, kan dit 'n groot invloed hê op die kulturele identiteit van die boek. En in die geval van kinderliteratuur moet vertalers juis 'n groter poging aanwend om die kultuur konsekwent en toeganklik vir die doeltaallezer te maak – sonder om die leser te verwar met wisselvallige toepassing van vertaalstrategieë.

## 5.5 Moontlike verdere navorsing

Hierdie betrokke studie het uitsluitlik gefokus op die persoonseiname van die karakters in hoofsaaklik Harry Potter I. Eiename is slegs een aspek wat bydra tot die kulturele. Verdere studies oor die hantering van die ander kulturele aspekte kan aangepak word, bv. seisoene wat tussen die Noordelike en Suidelike Halfrond verskil.

Geografiese name en plekname is onder andere ook baie belangrike tipes benaminge wat 'n storie veranker aan die werklikheid aangesien dit dadelik aanspraak maak op die leser se leefwêreld wanneer dit verwys na items en plekke wat vir die leser bekend is. Indien al hierdie betrokke elemente betrek sou word, sou die belangrike rol wat name speel in 'n fiktiewe situasie in vergelyking met die res van die leksikale items in die boek selfs nog hoër wees.

Mens sou verder ook 'n deeglike studie kon doen van al die Harry Potter boeke om deurgaans te sien hoe eiename wat in die eerste boek vertaal is deur die hele reeks daar uitsien – of dieselfde vertaling vir 'n betrokke eienaam deurlopend dieselfde behou word. Ons het reeds gesien dat daar persoonseiname is in boek V wat in boek I vertaal is en dan in boek V weer onvertaal gelaat is. 'n Mens sou dus kon voorspel dat die vertaler nie rekord gehou het van haar vertalings nie, of dat dit 'n doelbewuste besluit was om dit weer onvertaal te laat, aangesien daar nou baie spesifieke voorskrifte neergelê word deur Warner Brothers.

Nog 'n interessante studie wat geloods kan word, is om te sien wat die impak is van die Harry Potter boeke op kinderliteratuur in geheel en hoe dit verander het tussen boek I

en boek V, aangesien daar gespekuleer word dat die laaste boek vir 'n meer volwasse mark geskryf is, terwyl die eerste boek uitsluitlik op kinders gemik is.

Die aktualiteit van Harry Potter, leen dit tot 'n leerskool tussen twee buiteblaaie en daar is soveel lesse wat geput kan word, nie net uit die vertaling van die boeke in Afrikaans nie, maar ook hoe 'n wenresep vir volgende kinderliteratuurreekse daar uitsien. Ten opsigte van die Afrikaanse vertaling op sigself, sou mens ook kan leer uit die Harry Potters – juis rakende die kulturele oordrag en hoe dit in die toekoms meer suksesvol vertaal kan word.

Ten slotte is Venuti van mening dat:

“a translated text should be the site where different cultures emerge, where a reader gets a glimpse of a cultural other, and resistancy, a translation strategy based on an aesthetic of discontinuity, can best preserve that difference, that otherness, by reminding the reader of the gains and losses in the translation process and the unbridgable gaps between cultures.”

(1995:306).

---

## Bronnelys

Botha, et al. 1992. *Taalwetenskap vir die Taalprofessies 1: Deel B*, no. 22. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Chesterman, A. 1997. *Memes of Translation. The spread of ideas in translation theory*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.

Eksteen, L.C. 1997. *Groot Woordeboek/Major Dictionary*. Kaapstad: Pharos.

Feinauer, A.E. 2002. Klasnotas. Hons. Afrikaans & Nederlands: Universiteit van Stellenbosch.

Hatim, B. 2001. *Teaching and Researching Translation*. Londen: Pearson Education Limited.

Hermans, T. 1994. Disciplinary Objectives: The Shifting Grounds of Translation Studies, in Nistal, P. & Gronzola, J. (reds.) *Perspectivas de la Traduccion Ingles/Espanol. Tercer Curso Superior de Traduccion*. Vallodolid: Instituto de Ciennas de la Educacion, Universidad de Vallodolid.

Heyns, T. 2003. *Milicent Bulstrode word Margeret Bukani: Die vertaling van persoonseiename in kinderliteratuur*, Ongepubliseerde werkstuk – Nagraadse Diploma in Vertaling:Universiteit Stellenbosch.

---

Katan, D. 1999. *Translating Cultures. An introduction for Translators, Interpreters and Mediators*. Manchester: St. Jerome.

Klingberg, G. 1986. *Children's fiction in the hands of translators*. Lund: Gleerup.

Lefevere, A. 1992. *Translating literature: practice and theory in a comparative literature context*. New York: Modern Language Association of America.

Molina, L. & Albir, A.H. 2002. Translation Techniques Revisited: A Dynamic and Functional Approach. *Meta*, XLVII, 4, 2002: 499-512.

Naudé, J.A. 2000. The Schocken Bible as Source-Orientated Translation: Description and Implications. *Acta Theologica* 20(1): 1-33.

Newmark, P. 1981. *Approaches to Translation*. Oxford: Pergamon Press.

Nord, C. 1997. *Translation as a Purposeful Activity*. Manchester, St. Jerome.

Nord, C. 2003. Proper names in translations for children: Alice in Wonderland as a Case in Point, *Target special issue 2003: 12-16..*

Norton, D. 1983. *Through the eyes of a child: an introduction to children's literature*. Columbus: Merrill.

Oittinen, R. 2000. *Translating for Children*. New York en Londen: Garland Publishing.

Oosthuysen, J. (vert.) 2000. *Harry Potter en die Towenaar se Steen*. Kaapstad: Human & Rousseau.

---

Oosthuysen, J. (vert.) 2003. *Harry Potter en die Orde van die Feniks*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Oosthuysen, J. 2004. Om jou taal vlerke te gee. *INSIG, Maart 2004: 72-74*.

Rodrigues, T. 2003. Translating Potter – a work in progress. Ongepubliseerde manuskrip.

Rowling, J.K. 1997. *Harry Potter and the Philosopher's Stone*. Londen: Bloomsbury.

Rowling, J.K. 2003 *Harry Potter and the Order of the Phoenix*. Londen: Bloomsbury.

Schäffner, C. 1997. Translation Studies, in Östman, J.O. et al. (reds.) *Handbook of pragmatics*. Amsterdam: John Benjamins.

Shuttleworth, M. 1997. *Dictionary of Translation Studies*. Manchester: St. Jerome.

Silke, E.F.P. 2004. *Translating Karel Schoeman's Hierdie Lewe: Strategies, decisions and process*. Ongepubliseerde M-Tesis: Universiteit van Stellenbosch.

Stolt, B. 1978. How Emil becomes Michel – on the translation of children's books, in Klingberg, G. (red.) 1978. *Children's books in translation – the situation and the problems*. Stockholm: Almqvist & Wiksell.

Toury, G. 1995. *Descriptive Translation Studies and Beyond*. Amsterdam: John Benjamins.

---



Toury, G. 2001. The Nature and Role of Norms in Translation, in Venuti, L. (red.) 2000 *The Translation Studies Reader*. Londen: Routledge

Ulrych, M. & Bosinelli, R. 1999. The State of the Art of Translation Studies: An Overview. *Textus: English Studies in Italy*, 12(2):219-242.

Venuti, L. 1995. *The translator's invisibility: a history of translation*. Londen: Routledge.

Vermeer, H. 1989/2000. Skopos and the commission in translational action, in Venuti, L. (red.) 2000. *The Translation Studies Reader*. Londen: Routledge.

What's in a name. 2004. Harry Potter and the Philosopher's stone. [Web:] <http://www.theninemuses.net/hp/> [Januarie 2004].



**Bylaag A:**

**Persoonseiname in**

***Harry Potter I***



<b>BT Naam</b>	<b>DT Naam</b>	<b>Vertaal/Onvertaal</b>
Abbott	Abbott	N
Adalbert	Adelbert	N
Adrian	Adriaan	V
Agrippa	Agrippa	N
Alberic '	Alberick	V
Albus Dumbledore	Albus Dompeldorius	V
Algie	Algie	N
Alicia	Alicia	N
Angelina	Angelina	N
Argus	Argus	N
Arsenius	Arsenius	N
Bagshot	Paljas	V
Bane	Belladonna	V
Baruffio	Baruffio	N
Bathilda	Bathilda	N
Bell	Bell	N
Bill	Bill	N
Binns	Binns	N
Blaise	Blaise	N
Bletchley	Bletchley	N
Bloody Baron	Bloedige Baron	V
Bones	Brewisse	V
Bones	Beyers	V
Boot	Bouwer	V
Brocklehurst	Brocklehurst	N
Brown	Braun	V
Charlie	Charlie	N
Circe	Circe	
Cliona	Cliona	N
Cornelius	Cornelius	N
Crabbe	Krabbe	V
Crockford	Crockford	N
Daddy	Pappa	V
De Mimsy-Porpington	De Mimsy-Porpington	N
Dean	Dean	N
Dedalus Diggle	Dedalus Diggel	V
Dennis	Dennis	N

Doris	Doris	N
Draco Malfoy	Draco Malfoy	N
Dudley Dursley	Dudley Dursley	N
Elfric the Eager	Elfric die Yweraar	V
Emeric	Emerik	V
Emeric the Evil	Emerik die Bose	V
Enid	Enid	N
Fat Friar	Vet Monnik	V
Figg	Freya	V
Filch	Fillis	V
Finch-Fletchley	Finch-Fletchley	N
Finnigan	Floris	V
Firenze	Firenze	N
Flamel	Flamel	N
Flint	Flint	N
Flitwick	Flickerpitt	V
Fred	Fred	N
Fudge	Broddelwerk	V
George	George	N
Ginny	Ginny	N
Gordon	Gerrit	V
Goyle	Goyle	N
Goshawk	Singvalk	V
Granger	Le Grange	V
(Great) Humberto	(Groot) Humberto	N
Gregory the Smarmy	Gregorius die Inkruiper	V
Grindelwald	Grindelwald	N
Griphook	Greephaak	V
Grunnion	Greunen	V
Hagrid	Hagrid	N
Hannah	Hannah	N
Harold	Hendrik	V
Harry	Harry	N
Harvey	Harvey	N
Hegwig	Hegwig	N
Hengist (of) Woodcroft	Hengist (van) Woodcroft	N
Hermione	Hermien	V
Higgs	Higgs	N


Hoch	Hoch	N
James	James	N
Jigger	Bibber	V
Jim	Jim	N
Johnson	Johnson	N
Jordan	Jordaan	V
Justin	Justin	N
Katie	Katie	N
Lavender	Hildegard	V
Lee	Lee	N
Lilly	Lilly	N
Lisa	Lisa	N
Malcolm	Malcolm	N
Malkin	Malkin	N
Mandy	Mandy	N
Marcus	Marcus	N
Marge	Marge	N
McDougal	Makabeni	V
McGonagall	McGonagall	N
McGuffin	McGuffin	N
McKinnons	McKinnons	N
Merlin	Merlin	N
Millicent Bulstrode	Margeret Bukani	V
Minerva	Minerva	N
Miranda	Miranda	N
Moon	Moon	N
Morag	Sam	V
Morgana	Morgana	N
Muggles	Muggles	N
Mummy	Mamma	V
Nearly Headless Nick	Nick-amper-sonder-kop	V
Neville	Neville	N
Newt	Igtio	V
Nicholas	Nicholas	N
Nott	Niemand	V
Oliver	Oliver	N
Pansy	Pansy	N
Paracelsus	Paracelsus	N



Parkinson	Parkinson	N
Parvati	Parvati	N
Patil	Patil	N
Peeves	Peeves	N
Percy	Percy	N
Perenelle	Perenelle	N
Perks	Petzel	V
Petunia	Petunia	N
Phyllida	Phyllida	N
Piers	Piers	N
Pince	Pince	N
Polkiss	Polkiss	N
Pomfrey	Pomfrey	N
Potters	Potters	N
Prewetts	Petoorse	V
Ptolemy	Ptolemeus	V
Pucey	Pienaar	V
Quentin	Quentin	N
Quirrel	Quirrel	N
Ron	Ron	N
Ronan	Ronan	N
Rubeus	Rubeus	N
Sally-Ann	Wolfgang	V
Scamander	Sourus	V
Seamus Longbottom	Septimus Loggerenberg	V
Severus	Severus	N
Sirius Black	Sirius Swardt	V
Snape	Snerp	V
Spinnet	Spinnet	N
Spore	Sporium	V
Sprout	Spruit	V
Susan	Susan	N
Switch	Wisselaar	V
Ted	Ted	N
Terence	Terence	N
Terry	Terrie	N
Thomas	Thomas	N
Trevor	Trevor	N



Trimble	Bewer	V
Turpin	Thiart	V
Uric the Oddball	Uric die Koddige	V
Vernon	Vernon	N
Vindictus	Vindictus	N
Viridian	Viridian	N
Voldemort	Woldemort	V
Waffling	Gorrelgatus	V
Weasley	Weasley	N
Wood	Wood	N
Yvonne	Yvonne	N
Zabini	Zabini	N



**Bylaag A:**  
**Persoonseiname in**  
***Harry Potter V***




---



<b>BT Naam</b>	<b>DT Naam</b>	<b>Vertaal/onvertaal</b>
Aberforth	Aberforth	N
Adromeda	Adromeda	N
Alastor Moody	Alastor Moody	N
Albus Dumbledore	Albus Dompeldorius	V
Alice Longbottom	Alice Loggerenberg	V
Alicia Spinnet	Alicia Spinnet	N
Agnes	Emma	V
Amelia	Amelia	N
Amelia Bones	Amelia Bones	N
Andrew Kirke	Andries Kriek	V
Andromeda	Andromeda	N
Angelina	Angelina	N
Anglia (Ford)	Ford Anglia	N
Animagus	Animagus	N
Anthony Goldstein	Antonie Goldstein	V
Arabella	Arabella	N
Aragog	Aragog	N
Araminta Meliflua	Araminta Meliflua	N
Argus Filch	Argus Fillis	V
Arthur Weasley	Arthur Weasley	N
Augustus Pye	Augustus Pye	N
Aunt Elladora	Tand Elladora	N
Aunt Petunia	Tant Petunia	N
Askaban	Askaban	N
Avery	Avery	N
Bane	Bane	N
Banges	Boems	V
Barnabas the Barny	Barnabas die Besetene	V
Barry Ryan	Barry Ryan	N
Bellatrix Black	Bellatrix Swardt	V
Bellatrix Lestrage	Bellatrix Lestrage	N
Benjy Fenwick	Benjy Fenwick	V
Big D	Groot D	N
Bill	Bill	V
Black	Swardt	V
Bob	Bob	N
Bode	Bodus	V

Bonnacord	Bonnacord	N
Bradley	Bradley	N
Brian	Brian	N
Broderick Bode	Broderick Bodus	V
Buckbeak	Bokbok	V
Caradoc Dearborn	Caradoc Dearborn	N
Cassandra Trelawney	Cassandra Trelawney	N
Cedric	Cedric	N
Charlie	Charlie	N
Cho	Cho	N
Chang	Chang	N
Colin	Colin	N
Cornelius Oswald Fudge	Cornelius Oswald Broddelwerk	V
Crabbe	Krabbe	V
Creevey	Creevey	N
Crookshanks	Kromskeen	V
Crouch	Crouch	N
Daphne Greengrass	Daphne Greengrass	N
Davies	Davies	N
Dawlish	Davel	V
Dean Thomas	Dean Thomas	N
Dedalus Diggle	Dedalus Diggel	V
Delacour	Delacour	N
Dementors	Dementors	N
Dennis Creevey	Dennis Creevey	N
Derrick	Derrick	N
Dervish	Derwisj	V
Diddy	Duddy	V
Dijon	Dijon	N
Diddykins	Duddietjie	V
Dilys Derwent	Dilys Derwent	N
Dinky Diddydums	Duddie-lief	V
Dobby	Dobbi	V
Dolores Jane Umbridge	Dolores Jane Umbridge	N
Dorcas Meadowes	Dorcas Meadowes	N
Doreen	Doreen	N
Doris Purkiss	Doris Purkiss	N
Doxy	Doxy	N



Draco Malfoy	Draco Malfoy	N
Dud	Dud	N
Duddens	Duddie	V
Dudders	Dudders	N
Dudley Dursley	Dudley Dursley	N
Dumbledore	Dompeldorius	V
Dung	Dung	N
Dursleys	Dursleys	N
Eddie Carmichael	Eddie Carmichael	N
Edgar Bones	Edgar Bones	N
Elfrida Cragg	Elfrida Cragg	N
Elphias Doge	Elphias Doge	N
Emmeline Vance	Emmeline Vance	N
Eric Munch	Eric Munch	N
Ernie McMillan	Ernie McMillan	N
Evans	Evans	N
Everard	Everard	N
Euan Abercrombie	Euan Abercrombie	N
Fabian	Fabian	N
Fang	Tande	V
Fawkes	Fawkes	N
Figg	Freya	V
Filch	Fillis	V
Firenze	Firenze	N
Fleur Delacour	Fleur Delacour	N
Flitwick	Flickerpitt	V
Fred Weasley	Fred Weasley	N
George	George	N
Gideon Prewett	George Prewett / Gideon	V
Gilderoy Lockhart	Gilderoy Lockhart	N
Ginny	Ginny	N
Golgomath	Golgomat	V
Gordon	Gordon	N
Goyle	Goliat	V
Grawp	Ghrop	V
Great Uncle Algie	Grootoom Algie	V
Gregory Goyle	Gerhardus Goliat	V
Griselda Marchbanks	Griselda Maarsbank	V



Grubbly-Plank	Growweblaar	V
Gurg	Gurg	N
Hagrid	Hagrid	N
Hannah Abbott	Hannah Abbott	N
Harry James Potter	Harry James Potter	N
Hedwig	Hedwig	N
Hermione Granger	Hermien le Grange	V
Hestia Jones	Hestia Jansen	V
Hippocrates Smethwyck	Hippocrates Smetwyk	V
Hooper	Hooper	N
Ickle Diddykins	ou klein Duddietjie	V
Jack Sloper	Jack Sloper	N
James Potter	James Potter	N
Johnson	Johnson	N
Jordan	Jordan	N
Justin Finch-Fletchley	Justin Finch-Fletchley	N
Karkus	Karkus	N
Katie Bell	Katie Bell	N
Kingsley Shacklebolt	Kingsley Shacklebolt	N
Knarl	Knarl	N
Knut	Knoet	V
Kreacher	Skepsel	V
Lavender Brown	Hildegard Brown	V
Lee Jordan	Lee Jordan	N
Lestrangle	Lestrangle	N
Liechtenstein	Liechtenstein	N
Lilly	Lilly	N
Lockhart	Lockhart	N
Longbottom	Loggerenberg	V
Luna Lovegood	Mania Goedlief	V
Lord Voldemort	heer Woldemort	V
Lord Voldything	heer Woldewatookal	V
Lucius Malfoy	Lucius Malfoy	N
Luna Lovegood	Mania Goedlief	V
Lupin	Lupin	N
Macnair	Macnair	N
Mad eye-Moody	Maloog Moody	V
Madam Bones	Madame Bones	N

Madam Edgecome	juffrou Edgecombe	N
Madam March	Madame March	N
Madam Marchbank	Madame Marchbank	N
Madam Maxine	Madame Maxine	N
Madam Pomfrey	Madame Pomfrey	N
Madam Prince	Madame Prince	N
Madam Puddifoot	Madame Polfyn	V
Mafalda Hopkirk	Mafalda Hopkirk	N
Magorian	Magorian	N
Malcolm	Malcolm	N
Malfoy	Malfoy	N
Marge	Marge	N
Marietta	Marietta	N
Mark Evans	Mark Evans	N
Marlene McKinnon	Marlene McKinnon	N
Mary Dorkins	Mara Dorkins	V
McGonagall	McGonagall	N
Merlin	Merlin	N
Michael Corner	Michael Corner	N
Millicent Bulstrode	Millicent Bulstrode	N
Minerva	Minerva	N
Miranda Godshawk	Miranda Singvalk	V
Miriam Strout	Miriam Strout	N
Miss Brown	Juffrou Braun	V
Miss Granger	Juffrou le Grange	V
Miss Johnson	Juffrou Johnson	N
Miss Parkinson	Juffrou Parkinson	N
Molly Montague	Molly Montague	N
Moody	Moody	N
Mr Black	Mnr Swardt	V
Mr Bode	Mnr Bodus	V
Mrs Figg	tant Freya	V
Mr Filch	Mnr Fillis	V
Mr Lucious Malfoy	Mnr Lucious Malfoy	N
Mr Prentice	meneer Prentis	V
Mr Tibbles	meneer Tibbie	V
Mr Weasley	meneer Weasley	N
Mrs Black	Mev. Swardt	V

Mrs Figg	Mev. Figg	N
Mrs Norris	Mev. Norris	N
Mrs Number 7	Mev. Nommer 7	V
Mrs Polkiss	Mev Polkiss	N
Mrs Potter	Mev Potter	N
Mrs Weasley	Mev. Weasley	N
Muggles	Moggels	N
Mundungus Fletcher	Mundungus Fletcher	N
Mungo	Mungo	N
Narcissa Black	Narcissa Swardt	V
Nearly-Headless Nick	Nick amper-sonder-kop	V
Neville Longbottom	Neville Loggerenberg	V
Nick	Nick	N
Norbert	Norbert	N
Norris	Norris	N
Nymphadora	Nymphadora	N
Oliver Wood	Oliver Wood	N
Olympe	Olympe	N
Padma Patil	Padma Patel	V
Padmore	Padmore	N
Pansy Parkinson	Pansy Parkinson	N
Parvati	Parvati	N
Parvati Patil	Parvati Patel	V
Patronus Potter	Patronus Potter	N
Peeves	Nurks	V
Percy Ignatius Weasley	Percy Ignatius Weasley	N
Perkins	Perkins	N
Phineas Nigellus	Phineas Nigellus	N
Pierre Bonaccord	Bonnacord	N
Piers	Piers	N
Bungy the budgie	Piet die parkiet	V
Pigwidgeon	Pigwidgeon	N
Polkisses	Polkisse	N
Popkin	Poplap	V
Portus	Portus	N
Porlocks	Porlokke	V
Potter Boy	Potter-seun	V
Potty	Pottie	V

Professor Binns	Professor Binns	N
Professor Dumbledore	Professor Dompeldorius	V
Professor Flitwick	Professor Flickerpit	V
Professor Grubbly-Plank	Professor Growweblaar	V
Professor Hagrid	Proffessor Hagrid	N
Professor Lupin	Professor Lupin	N
Professor McGonagall	Professor McGonagall	N
Professor Moody	Professor Moody	N
Professor Sprout	Professor Spruit	V
Professor Tofty	Professor Tofty	N
Professor Vector	Professor Vektor	N
Prongs	Gaffel	V
Rita Skeeter	Rika Skinner	V
Roger Davies	Roger Davies	N
Rookwood	Rookwood	N
Seamus	Septimus	V
Sybill Treelawney	Sybill Treelawney	N
Sinistra	Sinistra	N
Snape	Snerp	V
St. Mungo	St Mungo	N
Sprout	Spruit	V
Tonks	Tonks	N
Trelawney	Trelawney	N
Umbridge	Umbridge	N
Pucey	Pucey	N
Ragnok	Ragnok	N
Remus Lupin	Remus Lupin	N
Rita	Rita	N
Rita Skeeters	Rita Skeeters	N
Ron Weasley	Ron Weasley	N
Ronnie	Ronnie	N
Rubeus Hagrid	Rubeus Hagrid	N
Scrimgeor	Scrimgeor	N
Seamus	Seamus	N
Finnigan	Finnigan	N
Sirius	Sirius	N
Black	Swardt	V
Smith	Smit	V



Snivellus	Snuiverus	V
Snivelyly	Snuifie	V
Spinnet	Spinnet	N
Sprout	Spruit	V
St Brutus	Sint Brutus	V
Stan Shunpike	Stan Shunpike	N
Stubby Boardman	Stompie Shuster	V
Sturgis Podmore	Sturgis Podmore	N
Susan	Susan	N
Susan Bones	Susan Bones	N
Sybill Treelawney	Sybill Treelawney	N
Ted Tonks	Ted Tonks	N
Terry Boot	Terry Boot	N
Tiberius Ogden	Tiberius Ogden	N
Tonks	Tonks	N
Trelawney	Trelawney	N
Trevor	Trevor	N
Umbridge	Umbridge	N
Vernon	Vernon	N
Vernon Dursley	Vernon Dursley	N
Vicky	Vicky	N
Victor Krum	Victor Krum	N
Voldemort	Woldemort	V
Warrington	Warrington	N
Weasley	Weasley	N
Wilbert Slinkhard	Wilbert Sluiphard	V
Willy Widdershins	Willy Widdershins	N
Wood	Wood	N
Wormtail	Wurmstert	V
Zacharias	Sagrys	V
Zacharias Smith	Sagrys Smit	V
Zeller Rose	Zeller Rosa	N

